Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

O.B.

Jrg. 7 Kaapstad, Woensdag, 26 November 1947 No. 2

# O.B. Beskou Vriendskap Met A.P. As Voldoende Grond Vir Samewerking

**„Sover dit die Ossewabrandwag aangaan. hoef ons nie verder te soek na 'n partypolitieke tuiste nie—ons het dit gevind in die Afrikanerparty wat ons eerbaarheid en goedertrou aanvaar; ons is daarmee dankbaar tevrede en beskou hierdie saak as afgehandel. Die pad na samewerking is dus, sover dit ons betref, nou oop," het die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, verlede Saterdagaand in die Paarl by geleentheid van sy verjaardagviering en dié van Adjunk-K.G., gesê toe hy die huidige politieke toestand behandel het.**

**Met verwysing na die moontlike hoogverraadsaak teen hom, het dr. Van Rensburg onder toejuiging gesê dat indien ons teenstanders meen dat hulle ons daarmee gaan breek, hy hoop hulle in dié gedagte sal volhard. „Wat my self betref, ek staan onverskillig daar teenoor. Ek het die groot voorreg gehad om ses jaar lank leier te wees van die trouste Afrikaners in die land. Vir so 'n groot geluk moet 'n mens, vroeër of later, 'n prys betaal, en ek kan nie dink aan 'n prys wat te hoog is vir so 'n geluk nie." Voortgaande het die K.G. as volg gepraat:**

Meeste van u sal onthou dat in ons eerste na-oorlogse vergadering in die Paarl — dit was op die 3de November 1945 — dit beklemtoon is dat die Ossewabrandwag hom nou aan die na-oorlogse stryd en probleme wil wy.



**Dr. Hans van Rensburg**

Gedurende die oorlog het die O.B. aktiwisties opgetree en sy uiterste gedoen om ons los te wikkel van die Empire en sodoende 'n vrye Suid-Afrika — 'n Republiek — nader te bring. **Daarvoor vra die Ossewabrandwag geen verskoning nie, en in dieselfde omstandighede van Imperiale uittarting sal hy weer so optree. Maar die oorlog is verby en nuwe gevare en probleme (en ook nuwe oorloë) duik op en dit betaam mense wat dit wel meen met die Afrikanerdom om aandag aan daardie nuwe gevare te skenk . . . . gevare wat grotendeels spruit uit die sinnelose oorlog wat ook sinneloos gevoer was.**

Destyds het ek daardie nuwe stellingname hier behandel en beklemtoon dat ons vriende soek, en nie vyande nie. Ook dat ons bereid is om met enige element saam te werk om Blank

**TOESPRAAK VAN ADJUNK-K.G. VERSKYN OP BLADSY 2**

Suid-Afrika te beveilig. Met enige element . . . . **en veral met mede-Afrikaners.** En, wat koers betref, het ek beklemtoon dat die Ossewabrandwag die na-oorlogse stryd wil stry onder die vaandel en in die gees van generaal Hertzog . . . . **die gees wat die Afrikaner na die staatkundige hoogtes gevoer het en tewens die enigste gees wat hom weer uit die woenstyn van die afgelope sewe-agt jaar kan uitlei.**

**HEUGLIKE DINGE**

Dit alles was twee jaar gelede. In hierdie twee jaar het heelwat gebeur — ook heelwat heugliks vir die Ossewabrandwag.

Die Afrikanerparty — die party waarvan Generaal Hertzog die ereleier was — het soos 'n Feniks herrys uit die asse van sy vernietiging in die verkiesing van 1943 en sekere van sy leidende figure (en ek wil veral in hierdie verband dankbare melding van wyle generaal Edwin Conroy maak) het die hand van vriendskap na die Grootraad van die O.B. uitgestrek. Ook was dit vanselfsprekend dat die pad van generaal Hertzog — wat in ons generasie die pad van Suid-Afrika is — ons steeds nader aan die trouste volgelinge van generaal Hertzog moes bring. En toe partypolitieke ontwikkelings dit moontlik maak vir die O.B. om — met behoud van identiteit — ook op daardie terrein sy gewig in te gooi in die Afrikanerstryd, was dit onvermydelik dat die pad van generaal Hertzog ons met die Afrikanerparty in die vriendskaplikste verhouding moes bring.

**PARTYLOOS**

**Want al glo ons in die partylose staat (so partyloos soos die Afrikanerrepubliek van ons volksverlede) besef ons terdeë dat ons in die partystaat leef en ons word vervolg deur 'n partyregering.** Ons is in die verlede dikwels beskuldig dat ons self, as organisasie, geen party wil wees nie en darem ons mense belet om by partye aan te

(Vervolg op bladsy 3)

## Nog Ereskuld Uitstaande

Die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, bring in onsterstaande oproep die Noodhulpfonds opnuut onder die aandag van die Beweging.

**NOODHULPFONDS EN KERSFEES**



Meeste mense meen dat die O.B. Noodhulpfonds — hierdie ereskuld van die republikeinse Afrikanerdom — nou afgesluit is omdat die kampe nie meer slagoffers het nie.

Maar die Noodhulpfonds wat om en by die £100,000 in hierdie ses jaar bedra het, moes aangaan terwyl manne in die gevangenis gesit het. Ongeag of mense bydra of nie, die nood van daardie slagofferfamilies moes gelenig word. Die O.B.-Noodhulpfonds HET dit gelenig. En die fonds skuld op die oomblik £600.

In die vaste vertroue dat die manne en vroue van die Beweging — veral ten tyde van Kersfees — ses jaar se Noodhulpstrewe nie kwart-voor-twaalf in die steek sal laat nie, doen ek 'n beroep op O.B.-Kersgangers om te help om hierdie tekort te dek en dit moontlik te maak om die bystand voort te sit.

Bydrae aan die Noodhulpfonds, Posbus 4754, Johannesburg, of aan die Gebiedshoofkwartier.

Ons ereskuld moet sonder blaam bly tot die einde toe!

J. F. VAN RENSBURG.

13 November 1947.

## WIL KERKDIENSTE NOU KUNSMATIG UITSAAI

**Die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie het besluit om vanaf die begin van aanstaande jaar Sondagoggende kerkdienste uit die ateljees van die korporasie, in plaas van uit die kerke, uit te saai. Die dienste sal om die beurt Afrikaans en Engels wees.**

In plaas van op kerkverband te let soos dit nou geskied, sal daar op die geskiktheid van die prediker se stem, doelmatigheid van voordrag en die intrinsieke waarde van die boodskap gelet word.

Die voorneme van die korporasie om 'n soort blikkiesgodsdiens aan luisteraars op te dis, het baie sterk protes van die kant van die Kerk uitgelok. **Die standpunt van die Kerk is dat die hoogheilige karakter van die ere-diens waarby die leraar sowel as die gemeente in aanbidding teenwoordig is, by die ateljee-dienste, wat noodwendig kunsmatig is, verlore gaan. In plaas van 'n diens, sal nou 'n item op die program aangebied word, aldus kerkmanne.**

## K.G. Met Ongekende Geesdrif Begroet Op Paarl-Huldiging

**Nagenoeg 2,000 geesdriftige Afrikaners het verlede Saterdagaand in die Paarlse stadsaal saamgedrom en elke moontlike sitplek in beslag geneem om hulde te bring aan die Kommandant-generaal en Adjunk-Kommandantgeneraal. Etlikes moes in die voorportaal 'n staanplek vind. 'n Geesdrif, wat selfs op O.B.-verrigtinge ongekend is, het die gehoor wat die sprekers telkens langdurig toegejuig het, gekenmerk.**

Reeds meer as 'n uur voor die begin van die verrigtinge het die skare voor die stadshuis saamgedrom. 'n Indrukwekkende optog bestaande uit lede van die O.B.-wag (manne sowel as vroue) en afdelings Boereseuns en -dogters het die verrigtinge in die skemerure ingelui. Die aankoms van die optog, met die Kaapstadse O.B.-blaasorkes vooraan, is luid deur die skare toegejuig. Die K.G., vergesel van die Adjunk-K.G. en die twee Gebiedsleiers, het die saluut geneem.

Die vergadering is geopen deur ds. J. Pienaar wat 'n kragtige gebed gedoen het. Komdt. André du Toit van die Paarl het opgetree as voorsittende offisier.

**TELEGRAMME**

Na die flinke vlaghysing deur twee lede van die Berejeug, het genl. Willie Marsh die K.G., A.K.G., Brandwagte en belangstellendes verwelkom. Die O.B. verwelkom elke Afrikaner op grond van die feit dat die Ossewabrandwag die volk wil versamel en nie wil verbrokkel nie.

Genl. Marsh het daarop gewys dat daar tydens vorige verjaardagvierings nog nooit soveel telegramme ontvang is, as by hierdie geleentheid nie. Onder die paar telegramme wat voorgelees is, is een van die Paarlse tak van die Afrikanerparty wat hul gelukwense aan die K.G. oorbring. **Dit is die eerste keer sedert 1941 dat die O.B. 'n telegram van gelukwense van 'n party ontvang.** 'n Telegram van mev. J. H. Conradie is ook ontvang wat haar spyt betuig dat sy nie aanwesig kan wees nie. „Wat die toekoms mag inhou, mag dit lede nooit aan trou ontbreek nie", aldus mev. Conradie.

Mev. ds. Roux het namens die Paarlse vroue geskenke aan die twee leiers oorhandig.

Lede van die Boerejeug het ruikers aan mev. dr. Van Rensburg sowel as aan die K.G. en Adjunk.-K.G. oorhandig. Benewens die geskenke wat die Gebied aan die K.G. en A.K.G. oorhandig het, het die K.G. ook 'n geskenk van die Goodwoodse Vroue-kommando ontvang.

Dr. Van Rensburg het sy lof uitgespreek vir die flinke optrede van die Blaasorkes onder leiding van komdt. S. J. Swanepoel en het geondertekende foto's aan elke orkeslid oorhandig.

'n Geskenk van die Paarlse Boerejeug aan die Kamerade in die Gevangenis, is deur komdt. Vale Ferreira, 'n oudgevangene, in ontvangs geneem.

# Nie Van Rensburg, Dog Smuts Het Fouteer

**„Van Rensburg het geen foute gemaak nie, en daardie taktiek om te maak of hy een ding is en die Ossewabrandwag 'n ander, is geklik. Ons is nie mensaanbidders nie, maar ons wil aan die Kommandant-generaal, wat deur ons vrywillig gekies en daargestel is as ons leier, opnuut trou sweer en sê: Jy is ons en ons is jy," het die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, verlede Saterdagaand in die Paarl onder donderende toejuiging gesê toe hy saam met dr. Van Rensburg deur die Paarlse kommando's gehuldig is.**

Genl. Smith het met verwysing na sy eie gesondheid gesê dat hy hoop om spoedig weer in staat te wees om sy volle gewig in die Volksbeweging te trek.

Genl. Smith het na die oorlog verwys en gesê dat hierdie goddelose stryd uitgeloop het op vernietiging en verwoesting van die mensheid op alle gebiede. En dit was teen hierdie oorlog dat die Ossewabrandwag hom verset het. **„As daar iets is waarop ons trots kan wees en waarvoor die nageslag ons sal dank, dan is dit vir die verset teen hierdie dwase oorlog en die waarskuwing van die O.B. dat die vernietiging van Duitsland die verwoesting van kommunisme oor die wêreld gaan bring. Vandag moet Suid-Afrika op die volke-vergaderings beledigings en inmenging verduur van nie-blanke rasse, alles as gevolg van die verloop van die oorlog".**

### 'N HELD

Daarom is die man wat 'n klip in die pad van hierdie oorlog probeer rol het, 'n held en sal hy nog deur die wêreld as sodanig aanvaar word.

Diegene wat vandag nog die O.B. vir sy optrede wil vervolg, behoort hul hoed in hul oë te trek vir die gevolge wat hulle oor die wêreld en Suid-Afrika gebring het.

„Ons is bereid", het genl. Smith voortgegaan, „om alle Afrikaners te vergewe vir wat hulle gedoen of gedink het, maar hulle wat vandag nog aanhou om die O.B. te onderdruk, doen dit as 'n poging om hul eie skande en wandade te verberg. Vir hulle koester ons niks as veragting nie".

### DR. VAN RENSBURG

**Met verwysing na die moontlike vervolging van dr. Van Rensburg het genl. Smith gesê dat die Afrikanervolk soiets met al die ellende waarin die wêreld vandag verkeer, drie jaar na die oorlog nie sal duld nie.** Die Afrikanervolk sal sy naam nie waardig wees as hy dit toelaat nie. Genl. Smuts behoort dr. Van Rensburg 'n medalje te gee vir sy wyse waarskuwings teen die verwoesting. Persoonlik sal spr. nie stilsit as soiets gebeur nie. „Ek waarsku die regering dat as hy 'n tweede hel in Suid-Afrika wil loslaat, hy hierdie ongeoorloofde daad van 'n nageaapte Neurenberg moet pleeg".

### GEEN FOUTE

Voortgaande het genl. Smith gesê dat dr. Van Rensburg geen foute gemaak het nie, en diegene wat sê die O.B. is een ding en 'n goeie ding, maar Van Rensburg is iets anders, is gek. **Die O.B. is nie 'n koplose ding nie — hy en sy kop is een geheel, en waar dr. Van Rensburg deur die Ossewabrandwag self as sy hoof gekies en daargestel is, is hy ook die Ossewabrandwag. „Vat jy aan Van Rensburg, vat jy aan die Ossewabrandwag", het die Adjunk.-K.G. onder langdurige toejuiging beklemtoon.**

Die Ossewabrandwag huldig dr. Van Rensburg nie omdat hy teen sy mede-Afrikaner geveg het nie, maar omdat hy vir sy mede-Afrikaner veg.

Die Ossewabrandwag het sy besondere roeping langs ander organisasies in die land, en waar ons nog onder die huidige stelsel van verdeeldheid staan, is dit die O.B. se taak om in ooreenstemming met sy eenheidstrewe alle nasionale partye bymekaar te bring sodat 'n volksfront ge-



Genl. J. A. Smith

skep kan word teen die vyande van ons volk binne die huidige stelsel. Hiermee het die O.B. reeds vir sewentig persent geslaag. **Ons heul nie met partyskap nie, maar waar partye vandag nog instrumente is, moet ons dit saamvoeg tot groter krag.**

### SAAMVOEG

Die verkiesing sal waarskynlik die eerste volksaksie wees, en as 'n Malan, Havenga en Van Rensburg daardie verkiesing saam kan veg, dan sal hulle die bewys gelewer het dat 'n volk gesamentlik moet optree en nie in partyskappe nie. Dit is wat die Ossewabrandwag wil.

**„Ossewabrandwag, organiseer", het genl. Smith ten slotte gesê. „U was reg in alle dinge, sowel ten opsigte van die buite- as binnelandse politiek. Die verantwoordelikheid rus op elkeen van u en nie net op ons Leier nie om ons taak enduit te dra. Of u O.B. of H.N.P. is, volksbelang sal u roep tot optrede en u sal moet optree namens die Afrikanerdom. Daarom, gaan aan met die taak van samevoeging en die stryd vir u blank Suid-Afrika en die vryheid van die Afrikanervolk".**

Genl. Smith is telkens en aan die einde van sy toespraak langdurig en onstuimig toegejuig deur die groot gehoor wat die mees geesdriftige was wat nog in die Paarl gesien is.

## KERSWENSE

**Lesers van Die O.B. word daaraan herinner dat die advertensiekolomme van ons blad op 17 Desember weer soos voorheen beskikbaar sal wees vir Kerswense. Advertensies moet die drukkery voor 13 Desember bereik.**

# Jode As Ras Voëlvry In Britse Pers

**Die Britse redakteur, James Caunt, wat deur die Jode in Brittanje daarvan aangekla is dat hy 'n opruiende artikel teen hulle geskrywe het, is deur die hof onskuldig bevind en ontslaan. Daar is gesê dat die pers se vryheid nie ingekort mag word nie. Caunt het in sy getuienis erken dat die artikel bedoel was om die Jode aan te val.**

In die artikel wat geskryf is na aanleiding van die moord op Britse troepe in Palestina verklaar Caunt dat die Jode die grootste swartmarkbedrywers in Brittanje is. Hy het hulle daarvan beskuldig dat hulle hul Joodse broers in Amerika aanspoor om geld te gee sodat „die Joodse skuim van Europa" na Palestina geneem kan word om daar die geledere van die terroriste te versterk, en die Britse troepe te vermoor.

### „PLAAG"

**Daar is 'n groeiende mening dat Brittanje in die greep van die Jode is, skryf hy voorts. „Daar is nou meer Jode in die Britse parlement as enige ander tyd in die Britse geskiedenis, en as daar 'n ontleding gemaak word van die persone wat gevonnis word vir swartmarktransaksie, dan sal dit aan die lig bring dat dit meesal Jode is".** Hy beskryf die Jode as 'n „plaag in Brittanje".

Indien so 'n artikel in Suid-Afrika gepubliseer word, sou dit onder die Smuts-wette strafbaar wees. Opruiing van rassegevoel is 'n strafbare misdaad kragtens 'n oorlogswet van die regering. Dit het egter skynbaar nie betrekking op kommunistiese rassehaat-stokery nie, want toe die polisie 'n paar jaar gelede 'n Kommunis in hegtenis geneem het, het die Miinster van Justisie, dr. Colin Steyn, beveel om hom te los.

# REGERING GAAN LÊERS VAN OUD-GEÏNTERNEERDES NOU VERNIETIG

**Alle lêers van Unie-burgers wat tydens die oorlog geïnterneer was, sal vernietig word volgens 'n opdrag wat die regering aan beheerbeamptes dwarsdeur die Unie gegee het, volgens 'n berig in Die Vaderland.**

**Dit word vertolk dat die regering uit vrees dat hy nie weer na die algemene verkiesing in die kussings mag sit nie, sy oorlogspore en laakbare optrede teen Afrikaners wil uitwis. Hy vrees naamlik dat uit hierdie leggers sal blyk dat baie van die verklarings wat teen geïnterneerdes afgelê is, twyfelagtig sal blyk te wees en dat daar eise om skadevergoeding ingestel mag word.**

**Indien die inhoud van die lêers later bekend word, mag die lewe van baie persone wat twyfelagtige verklarings afgelê het, moontlik ondraaglik vir hulle gemaak word.**

**In elk geval is dit 'n duidelike bewys dat die Regering nie kan toelaat dat sy oorlogsvervolging van Afrikaners sonder geregtelike verhoor, die daglig sien nie. Anders as die Duitse regering, wat geen rekords vernietig het nie, kan hierdie regering nie sy oorlogsoptrede aan die skoot van die geskiedenis toevertrou nie.**

## Oud-Gesant Sluit By A.P. Aan

Dr. H. D. van Broekhuizen, voormalige Unie-gesant in Nederland, het in die pers bekend gemaak dat hy by die Afrikanerparty aangesluit het en die kragte wat hy nog het, beskikbaar gaan stel vir hierdie party, waarbinne hy hom gaan beywer vir groter samewerking nie net tussen alle Afrikaners nie, maar ook met die gematigde Engelse ter behoud van die blanke beskawing.

Dr. Van Broekhuizen se naam is voorheen in die pers genoem as 'n moontlike kandidaat van die H.N.P. by die volgende verkiesing. Nou dat hy by die Afrikanerparty aangesluit het, is dit moontlik dat hy in een of ander kiesafdeling wat aan die A.P. toegewys word, sal gaan staan.

## MONTGOMERY IN S.A.

Die opperbevelhebber van die Britse leërmagte, veldm. Montgomery het verlede Vrydag in Suid-Afrika aangekom en sal volgens die lywige program 'n besige tyd hê. Hy sal o.a. Pretoria, Kaapstad, Oos-Londen en Port Elizabeth besoek.

Hoewel hy op „vakansie" is het hy militêre samesprekings met offisiere van die Suid-Afrikaanse Verdedigingsmag gehad. Almal weet dat hierdie besoek net 'n verdere inskakeling van die Unie se verdediging by Brittanje is.

## Kommuniste Likwideer Nog 'n Leier

**Die leier van die Roemeense Boereparty en teenstander van die Kommuniste in sy vaderland, dr. Manui, is op aanklag van „hoogverraad" deur die Kommuniste tot lewenslange gevangenisstraf veroordeel. Sy tweede luitenant en onder-president van sy party, is ook tot lewenslange gevangenisstraf gevonnis.**

**Waar die Kommuniste regeer, is so 'n vonnis gelykstaande aan die doodvonnis.**

## HET U U INTEKENING OP DIE O.B. HERNU?

***So nie, staan u in gevaar dat toesending aan u adres binnekort gestaak word.***

***Die stelsel van kommando-intekening het op 30 Junie laaslede verval. Vanaf 1 Julie teken almal regstreeks teen 10/- per jaar op die blad in. Om seker te maak dat u geen uitgawe van ons amptelike mondstuk sal mis nie, moet u onmiddellik onderstaande vorm voltooi en saam met u intekengeld pos.***

**VUL ASSEBLIEF HIER IN**

DIE SEKRETARIS,
VOORSLAG (EDMS.) BEPERK,
POSBUS 1411,
KAAPSTAD.

Geagte Heer,

Ek het tot dusver „DIE O.B." deur middel van die kommando ontvang en neem daarvan kennis dat intekengeld vanaf 1 Julie 1947 regstreeks aan Voorslag (Edms.) Bpk., **vooruitbetaalbaar** is teen 10/- per jaar.

Gaan asseblief voort om „DIE O.B." aan my adres te stuur tot ek u in kennis stel om toesending te staak.

Hiermee vind u die bedrag van.................................

vir.......................jaar/e se intekengeld.

Naam: .................................................

Posadres: .............................................

.............................................

.............................................

.......................... ..........................

Datum Handtekening

# K.G. TOESPRAAK *(vervolg)*

sluit. **Ons het nog nooit iemand belet om by 'n party aan te sluit nie; ons het nooit eens gevra of iemand lid van 'n party is nie. En ons wil seer sekerlik geen waardevolle kragte neutraliseer en eenkant hou, wanneer daar 'n Afrikanerstryd teen die handlangers van die Empire in die Uniegebou gestry word nie. Ons wil help; ons wou altyd help. Maar ons hulp is nog steeds deur die amptelike Opposisie geweier;** Dit was die geval in 1943, met die algemene verkiesing en dit was die geval met elke tussenverkiesing sedertdien. Die geval van Hottentots-Holland, wat aan u almal bekend is, is 'n voorbeeld wat vanself spreek.

### VERANDERING

**Nou, egter, het die Opposisie van samestelling verander;** dit bestaan uit twee saamwerkende vleuels en elke Afrikaner is dankbaar dat daar die mate van samewerking verkry is. **Ook die Ossewabrandwag is dankbaar, veral omdat die nuwe samewerking ons die kans gee om op partypolitieke gebied ons plig teenoor die volk te doen sonder om ons trou teenoor die Ossewabrandwag te verraai.** Hierdie moontlikheid het gekom deur die verwelkoming van Brandwagte in die geledere van die Afrikanerparty (die een vleuel van die Opposisie) **met volle behoud van hul O.B.-skap op non-partypolitieke gebied.**

**Ons goeie trou word nie in twyfel getrek deur hulle nie en daarin sien ons 'n bewys ook van hul eie goeie trou. Hulle is nie mense wat agter deure staan nie; daarom neem hulle aan dat ook ons nie agter deure staan nie. As hierdie gesindheid deurgaans by Afrikaner-leiers gevind was, sou ons volk veel verder op die pad na eenheid gewees het.**

### SELFRESPEK

Daardie ridderlike houding het die harte van die O.B. gesteel en ek wil aanneem dat die O.B.-lede wat na 'n party-politieke tuiste verlang sonder dat hulle die O.B. wil verloën, soos manne en vroue met selfrespek eerder sal aansluit by 'n party wat hul eerlikheid sonder voorwaardes aanvaar in teenstelling met 'n party wat hul eerbaarheid en betroubaarheid as Afrikaners in twyfel trek. En geen ander mens met selfrespek sal hulle kwalik neem nie.

Dus, om verklaarbare redes, het die mans en vrouens van die Ossewabrandwag dwarsdeur die Unie met opregte dankbaarheid en vertroue by die vinnig opskietende takke van die Afrikanerparty aangesluit en tog hul O.B.-eed nie geweld aangedoen nie. Hulle het die een gedoen en die ander nie nagelaat nie.

Blykbaar het die goeie voorbeeld van mnr. Havenga aansteeklik op ander mense gewerk .... hoewel nie aansteeklik genoeg nie.

### H.N.P.

By die jongste kongres van die ander Opposisieparty (die H.N.P.) in Transvaal het hulle besluit dat indien die Grootraad van die O.B. van die partylose staatsideaal afsien en die demokrasie aanvaar as stelsel vir Suid-Afrika (verbeel u dat 'n blanke minderheid op 'n swart kontinent die staatkundige beginsel demokrasie . . . die heerskappy van die meerderheid . . . moet aanvaar!) nou ja, as ons ook die demokratiese stelsel as ideaal aanvaar dan kan lede van die O.B. ook by daardie party aansluit.

Voor die Grootraad nog kon antwoord, het 'n ander kongres van daardie party (dié van Kaapland) 'n andersluidende voorstel aanvaar wat die O.B.'s glo wil toelaat as lede, maar nie as ampsdraers nie, indien hulle persoonlik hul O.B.-ideale verloën! So 'n status vir die O.B.-lid wat eintlik tussen dié van 'n Kaapse kleurling is (wat glad nie lid mag word nie) en dié van die eentalige mnr. McLeod, wat nie net lid maar ook kandidaat vir Hottentots-Holland en ampsdraer mag wees.

### ANTWOORD


Die antwoord van die Grootraad is gepubliseer en ek neem aan dat u almal daarmee akkoord gaan. Kortliks kom dit hierop neer dat ons een eis (dat ons moet padgee van die partypolitieke terrein) by voorbaat gewonne gee deur te verseker dat ons nooit daarop was nie, en die ander eise oor demokrasie en partylose staatsideaal slegs aan 'n misverstand kan toeskryf **aangesien die H.N.P., saam met die O.B., in 1941 die staatsideaal aanvaar het .... skriftelik aanvaar het .... wat ons nog steeds konsekwent preek.** Naamlik dat ons moet wegbreek van alles wat vals of volkskadelik in die demokrasie is en dat ons die republikeinse staat wil grondves op die republieke van Vrystaat en Transvaal, met die nodige aanpassing aan die behoeftes van 'n moderne en geïndustrialiseerde staat. **Albei die republieke, Vrystaat sowel as Transvaal was partyloos en elke skoolkind wat geskiedeins leer behoort dit te weet.**

### GEEN DIKTATUUR

In 'n onlangse toespraak is die O.B. beskuldig daarvan dat hy na 'n diktatuur streef en daar is bygevoeg dat die strewe na 'n diktatuur in Suid-Afrika politieke kranksinnigheid sou wees.

**Ek kan die spreker verseker dat die O.B. nie na 'n diktatuur streef nie, dat hy nooit na 'n diktatuur gestreef het nie en dat hy nooit na 'n diktatuur sal streef nie. Iemand wat oor Boere diktator wil speel, dié sal vind dat sy vreugde kort van duur gaan wees.**

Ook wil ek met die spreker saamstem dat so 'n strewe politieke kranksinnigheid sou wees; ek wil egter verder byvoeg dat dit nie die enigste vorm van politieke kranksinnigheid is waarmee ons volk rekenskap moet hou nie. **Die hele uitruikery onder mede-Afrikaners — vanaf die dae van die infame „Vrymesselaarsbriewe" wat teen generaal Hertzog versin is tot op baie verskynsels in ons partypolitiek van vandag — is in my mening van politieke kranksinnigheid nie oortuigend te onderskei nie.**



**Spontane toejuiging van die groot gehoor is afgedwing toe hierdie netjiese afdeling Boeredogters Saterdag voor die K.G. verbymarsjeer het as deel van die Jeug-optog.**

### DANK MNR. HAVENGA

Ons wil die hoop uitspreek dat dit voortaan meer realisties sal verloop en ons bly mnr. Havenga dankbaar as Afrikaner vir die nugtere gees wat hy weer in die verwarde toestande gebring het.

Daarom dat die lede van ons Beweging so grootskeeps by sy geledere aansluit . . . geledere wat realisties en inklusief te werk gaan, in plaas van agterdogtig en eksklusief. **Geledere wat elke blanke krag verwelkom in die stryd om die voortbestaan van die Blankedom, en nie diskrimineer teen die manne wat in die konsentrasiekampe gesit het terwille van hulle ideaal, en ook nie teen die vrouens en die kinders van daardie manne nie.**

### AFGEHANDEL

Wat ons betref is die saak van die O.B. se verhouding tot die Opposisie afgehandel en ons sien geen noodsaaklikheid om steeds weer tot die kwessie terug te keer nie .... die kwessie van 'n partypolitieke tuiste van die mans en vrouens in die Ossewabrandwag, wat self geen politieke party is nie. **Die saak is afgehandel omdat daardie mans en vrouens 'n tuiste gevind het en met daardie tuiste dankbaar tevrede is.**

**En die voldonge feit dat daardie tuiste reeds 'n samewerkende bondgenootskap met die ander Opposisievleuel (die H.N.P.) aangegaan het, skakel by elke welmenende mens alle verdere wrywing uit. Ons is bondgenote en mens baklei mos nie met jou bondgenote nie; mens baklei met die vyand .... en dié sit in die Uniegebou, nie in die O.B. of in die H.N.P. nie. In vadersnaam, derhalwe, laat ons nou elkeen na vore kyk en nie na die flanke nie. Die flanke is deur die samewerking gedek. Die vyand staan voor.**

### PARTYPOLITIEK

Laat my ten slotte die O.B. se opvatting van die partypolitieke posisie kortliks saamvat:

Op partypolitieke gebied is verreweg die grootste gedeelte van die Ossewabrandwag (tenspyte van andersluidende beskuldigings) heeltemal bereid om hul plig te doen, **en wel in daardie party wat teen die regering optree en nie teen die O.B. nie.** Dit is tog verstandig genoeg. Om hierdie rede sal u van nou af aan die Brandwagte met selfrespek in dié Opposisieparty vind wat ons eerbaarheid aanvaar soos ons hul s'n aanvaar, en nie net sê dat ons by hulle kan aansluit „as ons manne en vroue van eer is" nie. Nie „AS die O.B.'s manne en vroue van eer is nie" maar veelmeer . . . om die ridderlike woorde van mnr. Havenga op Memel enige weke gelede te gebruik . . . **„Ek het nog steeds die Afrikaners**

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

**in die Ossewabrandwag beskou as goeie en ordentlike Afrikaners — net so ordentlik as dr. Malan en ek self".**

### GEHOLPE

Met sulke optrede sleep mens weer die Afrikanerwa uit die modder van twis en beswaddering waarin dit agt jaar lank spartel, **en omdat ons sulke taal verstaan, het die lede van die O.B. . . . mans en vrouens . . . dit nie nodig gevind om verder te soek na 'n partypolitieke tuiste . . . . nie verder as die party waarvan die leier so praat, die Afrikanerparty, nie.**

**Op partypolitieke gebied, dus, is ons geholpe en bly ons dankbaar.**

**Op volkspolitieke gebied, waar die stryd nie met verkiesings en setels gaan nie, is ons hartstogtelik geheg (en ook deur 'n eed gebonde) aan die enigste Beweging wat dwarsdeur die oorlog die spit afgebyt het en wat die Afrikanermoeders en kinders van die regering se slagoffers met die daad en met die helpende hand bygestaan het waar alle andere hulle versaak het . . . . naamlik aan die Ossewabrandwag.**

**Op daardie twee bene is ons bereid om die na-oorlogse toekoms tegemoet te marsjeer.**

# 'Vervolging van K.G. sal Verset Van O.B. Versterk'

**„Enige vervolging wat die regering van voorneme is om teen die K.G. in te stel, sal alleen daartoe bydra om die vertroue in die leiding van die K.G. te versterk en die spiere van tienduisende nog harder te laat word vir die stryd teen die Britse Empire", het die Gebiedsleier van Wes-Kaapland, genl. dr. F. du Toit van Zyl, verlede Saterdagaand verklaar toe hy die gelukwense van die Gebied aan die K.G. oorgebring het. Genle. dr. Erika Theron, Hoofvrou van die Gebied, het die gelukwense aan die Adjunk.-K.G. oorgebring.**

Dr. Van Zyl het verklaar dat die verjaardagviering van die K.G. vanjaar onder buitengewone omstandighede plaasvind. Na 'n jaar van geskille waarin die persoon van die K.G. gemoeid was, het hierdie viering groter betekenis. „Sy heldere blik en leierseienskappe, en nog 'n groter blik in die hart van sy volk,



Dr. Erika Theron

maak dat hy groter toegang het tot die harte van die volk as in die verlede. Die konsekwensies van die leiding van die K.G. sal wel in die toekoms blyk". (Toej.)

### AASVOËLS

**Daar hang vandag 'n swaard oor die hoof van die K.G. „Die aasvoëls van die Britse Empire is besig om ons lug met bespiedende oë te deurklief en getuienis bymekaar te maak vir 'n hoogverraad-saak teen die K.G."**

„So ernstig is die situasie dat die Grootraad tydens sy onlangse sitting 'n mosie van vertroue in die K.G. aangeneem het, iets wat die Grootraad nog nooit voorheen gedoen het nie. **Met hierdie mosie wou O.B. aan die regering toon wat die houding van die Ossewabrandwag is teenoor sy hoogste en mees geliefde offisier. Heel Suid-Afrika moet weet dat die Volksbeweging volle vertroue in sy Leier het", het dr. Van Zyl onder langdurige toejuiging verklaar. „Die wêreld en die hele Suid-Afrika moet weet dat ons K.G. niks gedoen het wat tot skade en skande van die Afrikanervolk is nie.**

### TRADISIONELE STRYD

Gedurende die oorlog het die K.G. die tradisionele stryd van die Afrikaner teen die Empire aangebind, ten spyte van die hoon van mede-Afrikaners. Ons weet dat hy die stryd in die toekoms sal voortsit wat daar ook al mag gebeur. **„En as hulle hom moontlik vernietig, dan wil ons die regering die versekering gee dat hulle niks meer doen as om by te dra tot die geledere van 'n Bezuidenhout, Scheepers en Jopie Fourie nie en om die verset teen die Empire nog harder te maak".**

### MEV. VAN RENSBURG

Dr. Van Zyl het ook hulde gebring aan die eggenote van die K.G., mev. Van Rensburg, wat dwarsdeur al die moeilike jare getrou aan sy sy gestaan het. As vrou van die twintigste eeu staan sy nie agter by die vrou van honderd jaar gelede wat saam met haar man vir die vrywording van die Afrikaner gestry het nie.

Mev. dr. S. J. du Toit het hierop 'n geskenk aan die K.G. oorhandig en verklaar dat die K.G. sal werk tot die hele volk bymekaar is.

### A. K. G.

Genle dr. Erika Theron het die gelukwense van die O.B. in Wes-Kaapland aan die Adjunk-K.G. oorgebring en haar dankbaarheid uitgespreek dat die A.K.G. wat so lank ernstig siek was, tans weer so herstel het



Mev. dr. S. J. du Toit

dat hy weer op die been is. Sy het namens die Gebied 'n tjek aan die Adjunk-K.G. oorhandig wat gebruik sal word om vrugtebome aan te koop vir sy plaas.

„DIE O.B.", WOENSDAG, 26 NOVEMBER 1947

# Waar Die Weerlig Slaan

„Kenmerkend van die Ossewabrandwag is dat waar die gevaar dreig, waar die weerlig tref, daar spat dit nie uiteen nie, maar drom dit saam om 'n front te skep." So het die K.G., dr. Hans van Rensburg, verlede Saterdag op die Paarl gesê na aanleiding van die spontane demonstrasie van trou aan die Leier oor wie se hoof „die aasvoëls van die Empire" draai.

**In hierdie woorde en in hierdie bewys van trou kom die wese van die Ossewabrandwag as volksbeweging uit.** Binne die Ossewabrandwag word daar nie gevra watter persoonlike voordele dit bring nie — vandaar die ryk oes aan offers vir 'n volksideaal. Binne die Ossewabrandwag word daar nie gevra watter programme die publiek gunstig sal ontvang nie — vandaar die konsekwente handhawing van 'n eenmaal aanvaarde ideaal. En in hierdie konsekwente navolging van beginsels en ideale lê ook opgesluit die konsekwente trou aan kamerade en leiers wat daardie ideale volg.

**VIR OORWINNING**

**Hierdie onderlinge trou wat spreek uit die O.B.-noodhulpfonds van oor die £100,000, wat spreek uit die talle hofsake teen Afrikaners wat teruggetrek moes word weens gebrek aan onderlinge verraad, wat spreek uit die jarelange versteking van voortvlugtende kamerade te midde van 'n horde gehuurde en vrywillige kakieridders, naturellespioene en nydige Afrikaners in vyandiggesinde organisasies, is die een groot element wat nodig is vir die oorwinning van 'n volk.**

Hierdie onderlinge trou binne die Ossewabrandwag is gehandhaaf selfs daar waar die openbare mening gedwing het tot verloëning, **want toe sommige Afrikaners in reaksie gekom het teen die uittarting van 'n onverantwoordelike regering en dinge gedoen het wat selfs in Afrikaanse kringe veroordeel is, en Afrikanerleiers hulself van daardie jong Afrikaners gedisassosieer en gesê het „dis nie ons mense nie", het die Ossewabrandwag na vore gekom en gesê: „Dit is ons kamerade" — ongeag wat die gevolge ook al mag wees.**

**ONS EED**

Trou aan ideale en trou aan kamerade in ooreenstemming met sy eed: „Ek sal my mede-Afrikaner help en beskerm, en hom nooit aan die vyand uitlewer nie, is die geheim van die Ossewabrandwag se krag — daardie krag wat hom in staat gestel het om die magtigste en mees gekonsentreerde vervolging van sowel regering as nasionale opposisie te oorlewe. **En dit is die geheim wat nodig is vir ons volk voordat hy op sy verlossing moet wag.**

**En omdat Hans van Rensburg die groot prediker was van hierdie Afrikanertrou, die man wat steeds lojaliteit binne en buite eie kring gesaai het — ook toe hy jare gelede teen die Afrikaanse openbare mening in die vinger op die rooilussoldaat gewys het met die woorde: „Dit is ons mens daardie", sal Hans van Rensburg in die uur van sy vervolging 'n ryke oes van trou insamel nie net binne die Ossewabrandwag vir wie hy geleer het om te vertrou en getrou te wees nie, maar ook in steeds wyerwordende kringe van sy volk buite die eie organisasie.**

# Vrug Van Die Oorlog

Die nederlaag van Indië op die algemene vergadering van die V.V.O. — hoewel dit nie 'n volslae nederlaag is nie, aangesien die meerderheid tog nog vir Indië gestem het — kan tot 'n groot mate in verband gebring word met die oorlogsgevolge.

**Die oorlog, wat so 'n geweldige prys van die blanke beskawing geëis het, het hoofsaaklik uitgeloop op die opkoms van die nie-blanke wêreld. Daar is geveg teen die herrenvolkidee, en die Atlantiese Handves waarvoor ook Suid-Afrikaanse troepe geveg het, was eintlik die sertifikaat van gelykstelling aan die nie-blanke elemente dwarsdeur die wêreld.** Daarom dat die eerste sitting van die V.V.O. dan hoofsaaklik toegespits was op die kleurvraagstuk in Suid-Afrika, en omdat die samesprekings nog plaasgevind het in die atmosfeer van die oorlogse ideale het die nie-blanke wêreld 'n oorweldigende oorwinning op daardie sitting teen Suid-Afrika en die blanke Weste behaal.

Nou egter dat die gevolge van die afgelope oorlog as onhoudbaar ingesien en daar voorbereidsels getref word om dit met 'n derde wêreldoorlog uit te skakel, begin die Westerse volke ook stelling inneem teen hierdie een groot oorlogsgevolg van nie-blanke heerskappy oor die wêreld.

Dit is die groot betekenis van die Indiese nederlaag op die V.V.O. **Nogtans moet in aanmerking geneem word dat dit maar 'n betreklike nederlaag was — dit het slegs kortgeskiet aan die vereiste tweederde-meerderheid. Nie-blank oorheers dus volgens hierdie uitslag nog die blanke wêreld — as gevolg van die Tweede Wêreldoorlog waarteen die Ossewabrandwag hom verset het.**

## Pers-Menings

# O.B.-VERKLARING RUIM ALLE MISVERSTAND UIT WEG

**Die sitting van die Grootraad van die Ossewabrandwag en die verklarings wat tydens die sitting uitgereik is, is met groot belangstelling deur buitestaanders gade geslaan. Sowel onafhanklike blaaie as regeringsblaaie wat kommentaar op hierdie verklarings gelewer het, het tot die slotsom geraak dat die pad na Afrikanereenheid nou baie makliker sal wees, aangesien daar geen onduidelikheid oor enige strydvraag meer is nie. Slegs die H.N.P.-pers het die swye bewaar en selfs ook nie eens die verklaring gepubliseer nie — net die brief van die sekretaris van die Grootraad. Die enigste lofwaardige uitsondering is Die Volksblad in Bloemfontein wat saam met die verklaring ook weer die besluit van die H.N.P.-kongres geplaas het.**

„Daar was die afgelope week minstens 'n paar vingerwysings van die rigtings waarin ons halfsteriele, half-rondtastende partypolitiek besig is om te beweeg", skryf dagbreek.

**„Die O.B. het 'n verklaring uitgereik wat baie, indien nie alles nie, van die misverstand met dr. Malan uit die weg behoort te ruim — as hulle verwydering 'n kwessie van misverstand is."**

Die verklaring bevestig dat hulle (die O.B.) met 'n gesagstaat nie 'n diktatuur beoog, soos dr. Malan skyn te vermoed nie. **„Trouens, hulle versekering dat hulle met „partylose" staat niks anders bedoel as 'n republiek na die model van die vroeëre Boerestate nie, kom my voor 'n bevredigende antwoord te wees op die gerusstelling wat die Transvaalse H.N.P.-kongres wou hê."**

Die blad verklaar ten slotte dat daar geen sprake meer kan wees van 'n beginselbotsing wat die H.N.P. belet om op grond van die versekerings die stryd af te las nie.

**ENGELSE KOMMENTAAR**

„Aansienlike belangstelling is verlede week gekonsentreer op die sitting van die Grootraad in Johannesburg", skryf The Forum. „'n Versoening tussen die O.B. en die Nasionale Party skyn nou meer moontlik te wees as 'n week gelede . . . . sedert die O.B. die verklaring uitgereik het".

„Sommige politieke waarnemers", gaan die blad voort, „verklaar dat hulle glo dat dit nou vir dr. Malan en sy Party moontlik is om te verklaar dat in so 'n stelsel daar geen kwaad kan wees nie".

Die Suiderstem sien egter heeltemal iets anders voortspruit uit die verklaring. Hy verklaar dat die verklaring 'n terugslag vir die H.N.P. is omdat die O.B. niks met die H.N.P. te doen wil hê nie en hy sien 'n nuwe fase in die stryd tussen die O.B. en H.N.P.

„In politieke kringe word die O.B. se verwerping van dr. Malan se aanbod beskou as nog 'n groot nederlaag vir hierdie leier van 'n party, wat tot onlangs nog die republikeinse doelstelling bely het, maar vir verkiesingsdoeleindes dit eers opsy skuif."

Die blad meen dat die ontwikkelings mnr. Havenga se posisie versterk.

# Verontwaardig Oor Verswyging

„Eenheid," Bellville, skryf:

„Dit spyt my innig, om my eie blad, Die Burger, wat ek jare en der jare reeds getrou lees te moet verbygaan (dit help mos nie om menings aan Die Burger te stuur nie!) en u tè moet vra om my teleurstelling te boekstaaf in verband met die so gewensde solidariteit wat so dringend noodsaaklik is onder nasionaalvoelende Afrikanergroepe. Soos gewoonlik koop ek my Burger as ek op die stasie kom en op die trein lees ek toe vanmôre totdat ek hier agter weggesteek by „Bewegings van Skepe", 'n uitstaande volksbelangrike brief vind wat verregaande politieke verwikkelinge gaan hê. Ontevrede en heilig oortuig daarvan dat die Cape Times beslis toos gewoonlik baie meer oor die saak te sê sal hê, onderbreek ek my treinreis om by 'n voorstedelike stasie die Engelse koerant te koop. Ja, en op bladsy twee in groot, swart letters oor twee kolomme, **vertel my vyand-koerant aan my, wat ek van my Afrika en ons eie Afrikanersake wil weet — sake wat nie die Engelsman raak nie, maar die Afrikanerdom alleen!** Verskoon my sterk taal, maar is dit nie 'n skandaal dat Die Burger volksbelangrike en opspraakwekkende politieke nuus so behandel, en verswyg nie? Ek moet nou as nasionaal-republikeinse Afrikaner wat die volk graag ten alle koste een wil sien en nie 'n O.B. is nie, na die koerante en taal van die veroweraar van my eertydse republiek gaan om te weet wat in besonderhede gaande is?

Myns insiens is die H.N.P. en Die Burger besig om die Afrikanerdom verdeeld te hou, vir sy eie enge partypolitieke aspirasies. Is dit vir dr. Malan en Die Burger dan nou eenmaal te veel om vir onvoorwaardelike volkseenheid teen Jan Smuts en Kie. te staan? (Effens verkort. —Red.)

## Ons Lesers

# Die Calvinia-Toespraak

M.J.V., oor Touwsrivier, skryf: „Ek wil ook 'n paar dingetjies sê wat my laat voel wat seker baie Afrikaners behoort te voel. Dit spyt my om ook te praat en deel te neem aan die dwarstrekkery, maar jy voel soms om jou mening uit te praat, al is dit kwaad.

Wat ek eintlik wil sê is: ek was regtig bly toe ek 'n tydjie gelede so in die koerante die lig van samewerking begin sien het. Maar wat was ek nie teleurgestel toe ek dr. Malan se toespraak van Calvinia in Die Burger lees nie. Dit wil my so voorkom of dr. Malan sy hand sal was as hy moet hoor hy het 'n O.B.-lid met die hand gegroet.

Ons staan voor 'n belangrike verkiesing en sulke platformpraatjies soos dié van Calvinia, veroorsaak die versuim van die plig van baie goeie en eerbare Afrikaners.

Dit laat my so baie dink aan wat iemand my eendag gesê het, dat Gandhi eenmaal gesê het dat die Christus is goed, maar die Christen is nie goed nie.

Ja, die samewerking is meer as goed, maar die uitmekaarjaer is nie goed nie.

Nee, dr. Malan, die Christelike en eerbare Afrikaners wat Suid-Afrika eerste stel al behoort hulle ook aan enige party of organisasie, wil in die toekoms 'n leier hê van wie hulle 'n goeie gesig en 'n woordjie van waardering kan verwag.

# Verhoor van Eric Holm

Die Appèlhof in Bloemfontein het verlede week begin met die aanhoor van besonderhede oor die appèlsake van dr. Eric Holm, dr. J. A. Strauss en M. J. Pienaar. Die Appèlhof moet beslis oor sekere regspunte wat die Spesiale Hof voorbehou het.

Holm, Strauss en Pienaar is almal deur 'n Spesiale Hof skuldig bevind. Holm is tot tien jaar tronkstraf veroordeel terwyl laasgenoemdes albei 3 jaar gekry het.

# GESLAAGDE KONFERENSIE VAN OUD-GEINTERNEERDES EN POLITIEKE GEVANGENES

**Dr. J. F. J. van Rensburg is eenparig herkies as ere-president van die Bond van Oudgeïnterneerdes en Politieke Gevangenes tydens 'n Uniale konferensie wat verlede maand in Pretoria gehou is.**

Die konferensie het besluit om net een wapentjie van die Bond aan elke lid toe te ken. As 'n lid sy wapen verloor sal dit nooit weer aan hom toegeken word nie omdat dit 'n ere-teken is wat net aan 'n klein groepie Afrikaners uitgereik is.

Die vertikale balkies op die wapen verteenwoordig die tralies van die tronke en op die horisontale balk is daar 'n doringdraad wat sinnebeeldig van die konsentrasiekamp is.

Die aand van 4 Oktober het daar 'n gesellige aandete in die Afrikaanse Koffiehuis plaasgevind wat deur 161 persone bygewoon is. Die eregaste by die geleentheid was dr. en mev. Van Rensburg en dr. en mev. G. Cronje. By hierdie geleentheid is ook 'n Bondskenteken aan dr. Van Rensburg oorhandig waarop laasgenoemde geantwoord het met 'n heildronk „Ons Kamerade agter die Tralies".

Die konstitusie van die Bond is gewysig en die volgende persone is benoem as lede van die Uniale Raad: Dr. H. Graf, voorsitter; **mnr. O. L. Nel, Middelton, Greytown, Natal as sekretaris;** mnr. M. J. Toerien, tesourier; adv. J. Marais en mnr. Frans van der Walt as addisionele lede.

# Brief Oor Samewerking Aan Dr. Malan

**Mnr. Johan Schoeman, P.K. Broederstroom, skryf:** Sal u asseblief onderstaande brief en telegram wat ek aan dr. Malan gestuur het, in u blad publiseer?

Geagte dr. Malan, vermoedelik het u my antwoord-betaalde telegram wat soos volg lui, nie ontvang nie: „Ons jaag Duitsland, die hart en brein van Europa in die arms van Stalin. Is ons dan met selfsug, kortsigtigheid en sinneloosheid geslaan? Waarom gee die leiers nie die volke die geleentheid om doeltreffend by te dra nie? Nie slegs omdat dit hul heilige plig is nie, maar ook terwille van selfbehoud. Wil u nie asb. die hele nasionale pers versoek om met lyste te begin, die Kerke om fondse by wyse van kollektes te skenk en die regering om vyf miljoen pond by te dra nie? Ons sien uit na 'n volledige antwoord."

Die telegram spreek vir sigself en ek kan daar niks aan byvoeg of verduidelik nie.

Graag kom ek weer op die eerste probleem van die Afrikaner terug: die kwessie van hereniging of ten minste 'n tydelike verstandhouding waaruit hereniging moet en sal gebore word, want sielkundig kan dit nie anders nie.

As ons in 1924 ons mees kardinale beginsel, nl. afskeiding van die Britse Ryk en republikanisme kon verswyg het (destyds het ek dit verloën genoem) terwille van die Pakt met bloedrooi jingo's soos kol Cresswell — dan voorwaar, geagte mede-Afrikaner en leier, kan ons vandag en met die hel wat ons en die hele beskawing in die gesig staar, tog 'n modus operandi bedink en probeer toepas met die O.B., die Nuwe Orde en dergelike groepe wat per slot in iedere opsig alles van belang met ons Nasionale Party gemeen het.

Maar ek gaan veel verder: as dit ons waaragtig erns is, wat belet dat ons die O.B. herstel in sy posisie wat hy beklee het, toe u vir die Beweging wou tronk-toe gaan? Laat ons dit ten minste probeer doen!

Wat bly oor van die s.g. verskille as u daarnaas plaas die donderstorms van nasionale internasionale aard, omvang en oorsprong wat net die dwaas nie op die gesigseinder kan of wil sien nie.

Mag God u help om oor hierdie kleinlike dinge heen te stap, die aanhitsers en haarklowers te verag en onmiddellik 'n vriendskaplike ontmoeting te hê met mnr. Havenga, adv. Pirow, dr. Van Rensburg en ander leiers. Uit so 'n gees van samewerking sal en moet verstandhouding en uiteindelik hereniging vloei. Dit kan nie anders nie.

Die volk is sat vir die toestand waarvan die redes van ontstaan en voortbestaan lankal verby of dood is. Het u dit teen die O.B. dat hulle sg. verraad gepleeg het, sou ek antwoord: Verraad, teenoor wie? Kan jy jou verkragter, belasteraar en vryheidsmoordenaar verraai? Verraad! En wat van die bloedhonde terwille van goud wie se hande Smuts so gou en so geredelik na die Anglo-Boereoorlog gevat het?

## Soos Ons Lesers Dit Sien

verkondig nou tweedrag en haat en dan sê u nogal u wil die volk red van die gevare en ellende waarin ons gedompel is.

Dr. Malan, is dit u erns om die verkiesing te wen of is u tevrede om leier van die opposisie te wees met £2,000 per jaar as vergoeding? Sal u in staat wees, as u aan bewind kom, om die land uit die ellende te red of verlang u om maar net leier van die opposisie te bly en sonder moeilikhede en bekommernis te wees?

# Waardering Vir Blad

**Mnr. J. G. Stopforth, George skryf:**

Ek wil van hierdie geleentheid gebruik maak om u te verseker dat Die O.B. gewild is onder sy lesers. Die wêreldtoestande word altyd op 'n treffende manier daarin uitgebeeld en inligting van allerlei aard verskaf.

Ek dank u dat u Die O.B. nog aan my gestuur het.

# Aanklag teen Die Burger

**Mnr. W. J. Bester, Parow, skryf:**

As 'n leser van Die Burger, die enigste nasionale dagblad in Kaapstad, voel ek besonder verontwaardig oor die beleid van hierdie koerant om belangrike volksnuus te verswyg. Verlede Dinsdag het die Engelse Cape Times 'n berig van Sapa gehad van 'n verklaring van die Ossewabrandwag se Grootraad insake samewerking. Ek het gehoop dat Die Burger, wat dit daardie oggend nie in gehad het nie, dit dan die volgende dag sou publiseer, maar tot my verontwaardiging verskyn daar geen woord van nie, net 'n beriggie wat meld dat die Grootraad 'n brief aan die H.N.P. geskryf het.

Aangesien die verklaring van die Grootraad myns insiens in verband staan met samewerking en dit 'n saak is waarin veral Afrikaners vandag belangstel, kan ek nie verstaan waarom sulke nuus vir die Engelse in hul koerante opgedis moet word terwyl ons Afrikaners in onkunde gehou word van wat aangaan nie.

Ek het die redakteur van Die Burger gebel en gevra of ek moet aanneem dat dergelike nuus in die toekoms ook nooit in my koerant sal verskyn nie, en of ek dan maar op ander koerante aangewys moet wees vir my daaglikse nuus.

Nou wil ek net graag vra waarom Die Burger nie aan sy lesers wil vertel wat Afrikanerleiers van ander groepe besluit of verkondig nie? Is dit haat of vrees vir die waarheid? En het Die Burger dan die reg om van eenheid te praat solank die volk op hierdie wyse van mekaar weg gehou word?

**ANDER BRIEWE OP BLS. 4**

# Geen Eise Aan Jode In H.N.P.

**Mnr. S. Nel, Brandvlei, skryf:**

Vergun my asseblief so'n paar reëltjies vir opname in u geëerde blad in verband met die Joodse lidmaatskap van die H.N.P.

Volgens verklarings deur verskillende vooraanstaande H.N.P.-leiers, kan Jode lede word van genoemde party; selfs dr. Malan verklaar so.

Dit wil dan sê dat Jode as nie-Christene lid kan word van 'n party waarvan die lede almal lede van die N.G. Kerk is; selfs die predikante van genoemde Kerk is die oorgrote meerderheid lede van genoemde party.

Aan die ander kant mag lede van die O.B. — ook lede van die N.G. Kerk — nie lid van die H.N.P. word nie.

Moet ek nou hierdeur verstaan dat die Jood as nie-Christen beter materiaal is om die H.N.P. mee te bou as 'n mede-Christen en mede-Republikein? Sal die Jode wat lede van die H.N.P. gaan word, nou hul organisasies en beginsels as Jode afsweer, of sal hulle hul identiteit as Jood kan behou?

Voorwaar! Dr. Malan het nou in die Jood seker die regte party-materiaal gevind.

Dit maak nie saak of die Jood vrymesselaar, Kommunis of wat ook al is nie, hy mag lid word van die H.N.P., want een ding staan soos 'n paal bo water, en dit is, 'n O.B. is hy nie, en dus het hy niks prys te gee nie.

Die hoogste kwalifikasie vir lidmaatskap van die H.N.P. is dus die aanbidding van die partystelsel en nie die huldiging van die Republikeinse ideaal nie.

Adv. Swart, en sy vriende moet nou nie môre oormôre weer kom loi met vrymesselaars-briewe en al daardie goed nie, want 'n mens moet tog met jou vriende korrespondeer.

Tenslotte wil ek ook net aan dr. Malan as diktator binne die H.N.P. vra: „In wie se belang weier u lidmaatskap van u party vir mede-Republikeine en laat vreemde elemente toe as lede? Is dit in belang van u party, of van u volk?

# Wil Dr. Malan Verkiesing Wen ?

**Kapt. Henri Slegtkamp D.T.D., Middelburg Tvl., skryf:**

In verband met die verdeeldheid tussen die H.N.P. en die O.B. kom dit my voor asof dr. Malan meer belangstel in die stemme van Jode as in Afrikanerstemme. Dog dit is alles net uit jaloersheid teenoor die K.G. Maar dr. Malan, ons sal nie in u pad staan om u te dwarsboom in die verlange om tog op die sagte kussings te gaan sit, want op 'n harde bank sal dit te swaar gaan.

Dr. Malan, die huidige parlementêre stelsel mag goed wees in Engeland en ander lande waar een nasie en een taal is, maar dit pas nie by ons met ons verskillende rasse nie.

Dr. Malan, u was in die verlede 'n leraar in die Huis van God met die Bybel in u hand om die ewige waarheid van God aan sondaars te verkondig en om hulle te red; maar nou is u op die politieke platform en u


**A.V.B.O.B.**

Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars

Bloemfontein — Pretoria
130 Takke

**PLUIMVEE**

Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

**C. M. ELOFF EN KIE.**
(Edms.) Bpk
MôREMARK (Posbus 7185) Newton

**BRILLE**

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.
GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.
GEHOORAPPARAAT
**Die Voortrekker-Apteek**
Kerklaan, KAAPSTAD.
Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.
Besoek ons of skryf om Besonderhede.

**WEES BESKERM!**
BRAND-Assuransie by—
**SANTAM**
SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.
Takke dwarsdeur die Unie.

**VERKOPING VAN MERINOSKAPE**

Behoorlik daartoe gelas deur mnr. P. H. Kritzinger, as gevolg van ontbinding van vennootskap, word die volgende skape met 11 maande wol verkoop te Carolina,

**die 11de DESEMBER 1947, om 11 uur v.m.**

Dis 'n geleentheid wat hom selde voordoen, om die beste Hoëveld-kudde te koop. Kudde is vir die laaste 40 jaar vir wol geteel. Minnaar en Jordaan ramme vir baie jare gebruik. Groot gladde-lywe met goeie konstitusie en bouvorm. Wol van 55 tot 64% skoonopbrings. Volgende wolpryse behaal: 30¼ pennies (1947); 21¼ (1946); 23¼ (1945).

500 Teelooie, 4-tand tot volbek, geklas deur K.W.B. se deskundige. Geen uitsit by nie. Gedek deur goeie ramme om te lam vanaf April 1948.

300 Viertand tot volbek hamels; 400 sesmaande oud lammers; 500 uitsit ooie, goeie kwaliteit; 30 ooie om ramme van te teel; 40 goeie gebruik ramme; een stoetram.

Vir verdere besonderhede aan **H. J. Grobler, Bus 28, CAROLINA.**

**MEUBELS**
PRYSE STYG VINNIG
KOOP NOU
Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad
**WERDA Meubelhandelaars**
(EIENDOMS) BEPERK
Groote Kerkgebou — Kaapstad

**£2,400,000**
... DIE HUIDIGE PEIL VAN ONS TABAKOES

Tabakkwekery is reeds 'n ou Suid-Afrikaanse nywerheid. Vroeër jare het die kweker sy tabak gewoonlik self tot roltabak verwerk, maar veral gedurende die afgelope dekade is hy met goeie gevolg tot spesialisering gedwing.

Die produksie het van 14,961,199 pond in 1910-11 gestyg tot 32,594,000 pond in 1945-46—'n tabakoes ter waarde van nagenoeg £2,400,000.

Goed verteenwoordig in die dele van ons land waar tabak geproduseer word, het VOLKSKAS in die jongste jare reeds 'n aansienlike bydrae tot die vooruitgang van hierdie nywerheid gelewer. Die Bank verstrek alle gebruiklike dienste soos lopende tjekrekeninge, spaar- en beleggingsfasiliteite en oorsese (devise) transaksies regstreeks deur sy eie agente en korrespondente in al die vernaamste lande van die wêreld.

*Navrae word verwelkom.*

HOOFKANTOOR: PRETORIA
LONDEN AGENTE: Lloyds Bank Limited
NEW YORK AGENTE: Chemical Bank and Trust Co.



VOLKSKAS LIMITED
BANKERS

## GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks):** 10/- per jaar of 5/- per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld en bestellings na **Posbus 28, Stellenbosch,** en intekengeld na **Posbus 1411, Kaapstad.**

### VERLOWING

BOTHA—ROOS. — Die verlowing word bekend gemaak van Martina, dogter van mnr. en wyle mev. H. H. Roos, Wellington met Fanie, seun van mnr. en mev. D. P. Botha, Prins-Albert.

### HUWELIK

NIEUWOUDT—JACOBS. — Hiermee maak ons, Delene, enigste dogter van mnr. en mev. T. J. Jacobs, Estoire, Bloemfontein, en George, Stafhoof, Gebied C, tweede-oudste seun van mnr. en mev. G. S. Nieuwoudt, Vreugde, P.K. Stella, bekend dat ons die 29ste November te Bloemfontein in die huwelik bevestig word. 26/11/1.

**Vir Partytjies,** resepsies, dinees, probeer die Kaapstadse Afrikaner-Koffiehuis (K.T.K.). Uit Wandelgang. Groote Kerk-gebou. Lug heerlik verwarm en gesellig op koudste dag. Gerieflike, hoflike en doeltreffende diens.

### BENODIG

**AKTIEWE VOORMAN** met ondervinding van algemene boerdery op 'n Karooplaas. Kennis van skape eerste vereiste. Meld ouderdom, ondervinding en salaris verlang.—**A. VILJOEN,** Bloemhof, Richmond. 19/11/3.

Gekwalifiseerde tweetalige snelskriftikster benodig vir prokureursfirma, Kaapstad. Goeie betaling volgens kwalifikasies. Skrywe aan **POSBUS 3317, KAAPSTAD.** 26/11/1.

**GESKOOLDE BLANKE WERKERS** om behulpsaam te wees in ingenieursbesigheid. Goeie vooruitsigte. **GELDENHUYS - INGENIEURSWERKE,** Wynnestraat 13, Parow. 26/11/4.

Hardwerkende, sober, vader en seun of twee broers. Een met kennis van besproeiing en bestuurderslisensie. Een met kennis van Dieseltrekker. Vir salaris of deelboerdery. Vrye huis met gang en vier vertrekke. Melk en groente vir verbruik. Twee getuigskrifte. Om voorwaardes met grootte van huisgesin skryf aan:— **J. ZEEMANN,** Goudmyn, Robertson. 26/11/2.

KO-OPERATIEWE WIJNBOUWERS VERENIGING VAN ZUID-AFRIKA, BEPERKT
(Geregistreer kragtens die Wet op Koëperatiewe Verenigings, 1939)

**BENODIG: TIKSTER**

Aansoeke word ingewag tot 5 Desember 1947 om die betrekking van 'n ten volle gekwalifiseerde tweetalige tikster. Meld opleiding, ondervinding, ouderdom en datum waarop dienste aanvaar kan word. Salarisskaal £140 x £20—£200 x £15—£320 (uitsluitende duurtetoeslag), met aanvangsalaris volgens kwalifikasies. Daar is 'n pensioenskema vir die personeel. 'n Gesondheidsertifikaat is 'n vereiste. Aansoeke gemerk „TIKSTER" moet gestuur word aan
DIE SEKRETARIS
K.W.V.,
Posbus 528,
SUIDER-PAARL.

**TWEE PASSERS** met kennis van instandhouding en oprigtingswerk van fabrieksmasjinerie; **TWEE MESSELAARS** vir stoomketel-messelwerk.— **GELDENHUYS-INGENIEURSWERKE,** Wynnestraat 13, Parow. 26/11/2.

### BOME, PLANTE EN SAAD

**BESTE GESERTIFISEERDE GROENTESAAD.**—Pryslys verkrygbaar. Bestel al u benodigdhede K.B.A. van: PREMIERS, SCHOEMANSHOEK. 20/8/TK

**GROENTESAAD.** — Detroit en Egiptiese plat beet 7/6; Chanteney-wortels 10/-; Beauty- en Marglobe-tamaties 35/-; Tom Watson-waatlemoen 10/-; Kropslaai 17/6 per lb. Almal 6d. duurder per ½lb. Handelsnavrae verwelkom. — KARROO-SAADVERSPREIDERS, Posbus 107, OUDTSHOORN. 20/8/TK

**PATATRANKE.**—Topranke in voorraad, mooi uitgeloop, 6 maande, 9/- per 1,000; wit, drie-maande, 8/- per 1,000; Borrie, 10/- per 1,000. **PATATS.**—12/- per sak. K.M.B. Gelewer Serpentine.—**H. ROELOFSE,** P/s Serpentine, George. 5/11/TK

### GEMENG

**MEUBELS.**—Ons sal u huis of kantoor volledig Meubileer teen billike maandelikse paaiemente. Spesiale kortings vir kontant bestellings. Skryf om ons volledige katalogus met pryslys. Ook in voorraad: Draadlose, windlaaiers, linoleum-vierkante van 6 vt. breedte vir kombuis, aluminiumkastrolle in stelle van 3, ens.— **UNIKA MEUBELS (EDMS.) BPK.,** Victoriaweg 171, Woodstock. 12/11/TK

**MEUBELS.** — Bespaar honderde ponde deur u meubels direk van die fabriek, k.m.b., te koop.
**Raadpleeg: NIEK NEETHLING,** Hoofstraat 347, Foon 1253, Paarl. 19/11/TK.

**SKOENREPARASIES.** Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste dienste by VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL, Langstraat 291 KAAPSTAD Foon 30164 4879/26

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS.** — Terazzo Kombuis- en Handwasbakke, Baddens, Septiese Tenks, Pilare, Vloerteëls, Voertrôe. Enigiets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

### HORLOSIEMAKER

**DESKUNDIGE HERSTELWERK** aan Horlosies. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — **P. PRETORIUS,** Keeromstraat 18, Kaapstad. (Voorheen Kerkstraat 69). Foon 2-5454

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### SOUT TE KOOP

**BOERE-PAKKET.** — Nege sakke wit vee- en 100 lb. fyn bottersout £2-10-0. Nege sakke sneeuwit en 100 lb. fyn bottersout £2-13-6. Vry gelaai soutwerke. Bestel: KOMDTE. MEV. MARTIE VENTER, P/s. No. 4, Arbeidsloon, BLOEMFONTEIN. 21/5/TK

**VRIENDE:** Ek lewer sout in goeie graansakke—A1, 59/-; No. 1, 54/-; en No. 2, 49/- per ton. Tevredenheid gewaarborg en onmiddellike versending.—**S. J. DE BEER,** Soutwerke, P.K. Florisbad. 5/11/TK

### TE KOOP AANGEBIED

**BELGIESE TAPYTE:** G. K. G. bied aan pragtige Belgiese tapyte van uitstaande kwaliteit en vaste kleure. 5 vt. 7 dm. x 8 vt. 10¼ dm. £8/17/6. 6 vt. 6¾ dm. x 9 vt. 10 dm. £11/12/6. 7 vt. 10¾ dm. x 11 vt. 2 dm. £15/15/-
Kan besigtig word te **WYNNESTRAAT 13, PAROW.** 26/11/6.

**BRANDHOUT.**—Wattle, 9 duim gesaag, 14/-, gelewer Mollissimasylyn, oor Greyton. Pryse vir pale, droppers, ens., op aansoek. Bestellings word stiptelik uitgevoer.—**HENNIE MENTZ,** Privaatsak, Greyton, Natal. 12/11/6B

*Verseker u Toekoms*
**deur die Eienaar te word van**

**VASTE EIENDOM**

- ★ BOUPERSELE
- ★ WOONHUISE
- ★ PLASE
- ★ BESIGHEDE VIR DIE

KIESKEURIGE PERSOON

**Raadpleeg —**

**J. (Kotie) THERON**

**Posbus 78 Foon 0028**

**CROXLEY-GEBOU, KUSWEG, STRAND**

## WIE WIL DIE RAAD VOLG?

'n Sewentigjarige vrou wat deur 'n man in Nu Suid-Wallis met 'n stok oor die kop geslaan is, het geweier om in die hof getuienis teen hom af te lê omdat sy sommer baie jonger voel nadat sy die hou oor die kop gekry het.

Sy het verklaar dat sy jare lank aan hoë bloeddruk gely het en dat sy nie meer as twee uur in 'n nag kon slaap of vinnig stap nie. „Tans kan ek die hele nag slaap, my bloeddruk het verdwyn en my eetlus het verbeter." Sy kan ook nou sonder 'n bril klaarkom. Sy meen dat sy ponde gespaar het wat sy andersins aan geneeshere sou moes betaal het.

## Duitse Plan Vir Duitsland

'n Groep Duitse leiers uit al vier die besettingsgebiede van Duitsland het in die geheim vergader en planne opgestel vir die Duitse toekoms. Die planne maak voorsiening vir die ekonomiese eenheid van Duitsland en die instelling van 'n sentrale Duitse regering.

# Immigrant Druk Bedleende Uit Woonstel

**'n Britse immigrant wat maar net vier maande in die land is, woon al die afgelope tyd heerlik saam met sy huisgesin in 'n groot en ruim woonstel in een van die Kaapse voorstede Hy het dit reggekry nadat hy die bewoners van die woonstel, wat 'n rukkie weg was, met 'n oulike set uit hul tuiste gesit het.**

Die woonstel behoort eintlik aan 'n 65-jarige bedlêende moeder en haar seun en dogter wat al sowat agt jaar in besit van die woonstel was. Om te help, het hulle in Junie vanjaar 'n kamer aan 'n Britse immigrant en sy vrou verhuur. Hy kon geen ander huisvesting kry nie.

Op advies van 'n geneesheer het die eienaars van die woonstel besluit om 'n tydjie weg te gaan en intussen die woonstel aan die immigrant en sy vrou te verhuur.

### OORGEDRA

Dadelik nadat die oorspronklike huurders weg is, het die immigrant na die huurkontroleur gegaan en versoek dat die woonstel op sy naam geplaas word. Hulle het, na verneem word verklaar dat die oorspronklike huurders weg is en nie weer terug kom nie.

Verlof is toe aan die eienaar van die woonstel gegee om die woonstel aan die immigrant te verhuur.

**Toe die oorspronklike huurders veertien dae later wou terugkeer moes hulle uitvind dat die immigrant hul woonstel intussen vir homself toegeëien het. Hulle het probeer om met die immigrant te onderhandel, en desnoods 'n kamer te huur, maar dié het hulle toegang tot die huis geweier en gesê hulle verhuur nie kamers nie.**

Die saak is onder die aandag van die kontroleur gebring.

## Klere en Kos Gerantsoeneer In V.S.A. ?

Ten einde die „ontsettende inflasie in die V.S.A. te beëindig" het pres. Harry Truman voorgestel dat prysbeheer oor sekere produkte weer ingestel word. Hy het verklaar dat prysbeheer uiters noodsaaklik is vir die herstel van die Amerikaanse ekonomie. Die prysbeheer beoog die beheer oor huurkoop, spekulatiewe handel in graan, beperkings op bankkrediet, groter beheer oor uitvoer, ens. Hy het ook laat blyk dat skaarste aan verbruikersgoedere baie ontberings veroorsaak en dat dit moontlik gerantsoeneer sal word. Hy dink veral aan klere en voedsel.

## VERDELING VAN PALESTINA

**Die terugtrekking van Britse troepe uit Palestina is nou 'n voldonge feit. Kragtens 'n ooreenkoms wat Rusland en Amerika bereik het, moet alle Britse troepe op 1 Augustus 1948 Palestina verlaat het. Daar is ook eenstemmigheid bereik oor die verdeling van Palestina.**

**Britse voorrade en troepe word reeds uit Palestina verwyder. Die terugtrekkings word vertraag deur gebrek aan skepe aangesien baie skepe in beslag geneem word deur die vervoer van Britse voorrade uit Indië.**

## BEROERING IN FRANKRYK

**Terwyl Frankryk bedreig word deur die Kommunisties-aangedryfde staking van meer as 75,000,000 werkers en die staking steeds meer en meer uitbrei, het robert Schumann, leier van die Republikeinse Volksbeweging, eerste minister van Frankryk geword nadat Leon Blum nie daarin kon slaag om die vereiste aantal stemme in die Kamer van Afgevaardigdes te kry nie.**

**Schumann het 412 stemme op hom verenig terwyl Blum nie daarin kon slaag om die vereiste 309 te kry nie. Die Republikeinse Volksbeweging is vyandig gesind teenoor De Gaulle wat die Kommuniste onlangs 'n gedugte neerlaag toegedien het.**

# Japan Verbied Openbare Gesoen

Vanaf die begin van die week is dit 'n misdaad in Japan om 'n meisie in die openbaar te soen. Die straf hiervoor is ses maande tronkstraf.

Onder die nuwe Japanese regskode word openbare „amoreuse aktiwiteite" onwettig verklaar. Hierdie nuwe wet hou o.a. in dat Japanese sensors alle dele in Britse en Amerikaanse films waar daar gesoen of aan mekaar geklou word, sal moet uitsny.

Britse en Amerikaanse ondernemings sal hierdeur honderde ponde skade ly. Die wetgewing is deur genl. McArthur goedgekeur.

## SEDISIESAAK HEROPEN

Agt lede van die Kommunistiese party het verlede Saterdag in die Kaapstadse magistraatshof verskyn vir 'n voorlopige ondersoek in verband met beweerde sedisie. Die beskuldigdes is almal op 'n borgtog van £200 losgelaat en die saak is uitgestel tot 17 Desember.

# Kommunistiesgerigte Vakbonde Sê Steun Toe Aan Arbeidersparty

**Die linksgesinde Arbeidersparty onder leiding van mev. Jessie McPherson, wat in die onlangse stadsverkiesing pootuit geslaan is, het met groot akklamasie aangekondig dat hulle die steun van sommige vakbondleiers aan die Rand in die aanstaande verkiesing sal geniet en dat 'n veldtog van stapel gestuur word om vakbondlede, lede van die party te laat word.**

Die volgende persone wat goed bekend is in Kommunistiese kringe het hulle steun aan hierdie beweging toegesê: Solly Sachs, algemene sekretaris van die Klerewerkersvakbond, Anna Scheepers, voorsitster van dieselfde vakbond en J. Venter van die Johannesburgse Vervoerwerkersvakbond.

Onder diegene wat lede vir die party onder die fabriekswerksters werf, is Anna Scheepers, wat die amptelike kandidaat van die Arbeidersparty in die provinsiale tussenverkiesing in Turffontein gaan wees.

# Man Vlieg Met Sy Motor Om inkopies Te Doen

**'n Splinternuwe soort motor het sy verskyning in Amerika gemaak. Die ontwerper noem dit 'n kruising tussen 'n motor en 'n vliegtuig.**

'n Paar dae gelede het een van hierdie motors soos 'n vliegtuig uit die lug op die La Guardia-vliegveld in Connecticut vanaf Danbury neergestryk en drie en 'n halwe minuut nadat dit geland het, het dit soos 'n gewone motor die pad gevat en verder gery.

Die loods-eienaar-ontwerper-fabriseerder, Robert Fulton, is hoog in sy skik met sy produk en hoef net die vlerke en skroef af te haal voordat hy sy daaglikse inkopies in die stad gaan doen nadat hy geland het.

Hy noem sy motor die „Airphilbian" en dit lyk na 'n kruising tussen 'n motor en 'n vliegtuig. In die lug behaal dit 105 m.p.u. en op die grond maklik 'n snelheid van 45 myl per uur. Sy petrolverbruik is 30 myl per gelling op die grond en 15 in die lug. Volgens die eienaar bestuur dit besonder maklik en dieselfde stuurwiel wat vir die pad gebruik word, word ook in die lug gebruik.

Die motor het die vorm van 'n renmotor en soortgelyke modelle sal eersdaags in Amerika te koop aangebied word.

## REGULASIES SÊ HY MAG NIE OLIE ONTGIN

William Tallman van California, in wie se agterplaas 'n oliebron na boontoe gebars het en gellings en gellings olie elke uur van die dag uit die bron stroom, is in 'n groot moeilikheid omdat die plaaslike regulasies hom verbied om die olie te ontgin, te bêre of te gebruik. Al wat hom te doen staan is om te sorg dat die olie nie sy huis oorweldig nie.

Volgens gesaghebbendes kom daar elke dag 350 vate ru-olie, wat minstens £105 werd is, uit die gat in sy agterplaas. Omdat plaaslike regulasies hom verbied, mag hy nou nie ryk word nie, hy mag nie die olie in die straat laat afloop nie, en hy is ook nie in staat om die gat toe te stop omdat hy nie die geld daarvoor het nie.

# Partytrou Eerste Vereiste Vir Berig-Gewing

**Onderstaande uiteensetting en briefwisseling tussen hom en Die Burger het ons van mnr. G. F. Marais van Calvinia ontvang met die versoek om dit te publiseer. Dit gee ons lesers 'n insig hoe daar binne die H.N.P.-pers doelbewus afgestuur word op party-kleurige beriggewing en die verswyging van wat nie in die guns of smaak van die betrokke politieke groep val nie. Dit moet duidelik wees dat wanneer 'n koerant so 'n beleid volg, hy sy waarde as objektiewe nuusblad kwyt is, en daartoe oorgegaan het om 'n blote propaganda-orgaan van die een of ander groep te word.**

Ek is 'n onderwyser en mag dus nie aan die O.B. behoort nie. Genl. Smuts se noodregulasie se rooi streep het natuurlik darem net deur my naam en nie deur my hart gegaan nie.

Vanaf 8 Augustus 1947 tot ongeveer 'n maand gelede was ek Die Burger se korrespondent op Calvinia. Dit het egter nie van my 'n H.N.P.-man gemaak nie. Ek het my transaksie met Die Burger uit 'n joernalistieke oogpunt beskou en nooit gedroom dat dit my vrye spraak en handeling hoegenaamd kon raak nie.

In Die Burger van 2 Oktober het sekere „Fanie" van Kaapstad geskryf dat hy nie kan verstaan hoekom party liewe mense die H.N.P. vir die H.N.P.-O.B.-geskil blameer nie. Hy meen dis bloot 'n beginselsaak en dis die O.B.'s wat nie hulle gesagstaatgeloof wil laat vaar nie.

„Fanie" se bewerings was so klaarblyklik onjuis dat ek die pen opgeneem het en as private leser 'n brief aan Die Burger gerig het. Ek haal die vernaamste paragrawe van my brief aan:

### SONDEBOKKE

„'Fanie' gee voor dat die O.B. se bepleiting van 'n partylose gesagstaat die enigste struikelblok in die weg van volkseenheid is. Dis onwaar. 'n Broedertwis is selde 'n beginseltwis. Ek het vanaf die eerste skoot in die broedertwis in 1941 tot op datum beide Die Burger en Die O.B. gereeld gelees. Ek is een van die baie Bolandse boorlinge wie se dag nie volmaak is as ek nie Die Burger in die hande gekry het nie. Dog, ten spyte daarvan, moet ek konstateer, dat wat die geskil betref, Die Burger en die H.N.P. die grootste sondebokke is. Ek voel nou nog 'n gloed van verontwaardiging in my opstyg as ek dink hoe dr. D. F. Malan voorspel het hoe die O.B.'s uiteindelik met die Hanskakies sou skakel. En wie se werk is dit miskien dat baie getroue en harde Nasionaliste vandag nog vas glo dat die O.B. met veldm. Smuts skakel? En as hierdie dinge dan so is, waarom moes dr. Malan hom dan dadelik van die O.B.-leiding dissosieer toe daar sprake van 'n verkiesingsbom was? **Kan die O.B. dan beurtelings met die Regering skakel en vermeende hoogverraad pleeg?** Ek is 'n Afrikaner, mnr. die Redakteur, en bogenoemde dinge het nie in my kiere gaan sit nie.

„Maar wat Fanie se beginselverskil betref: Die geskiedenis het bewys dat sowel die demokrasie as die partylose staat se val groot kan wees. Daar is baie argumente vir sowel as teen albei.

### KUNSMATIG VERDEEL

Niemand kan egter ontken dat die Britse partystelsel in Suid-Afrika ons volk kunsmatig verdeel het nie. Daarby is die 'beginsel-kwessie' danig rekbaar. Ter wille van die vlottende Engelse stem gaan die H.N.P. nie in 1948 baie klem lê op die republiek nie. Goeie diplomasie dus. Maar as die O.B. nou ten spyte van 'n minder vurige geloof in die kruisie, tog meen dat die eersvolgende verkiesing 'n mylpaal in ons geskiedenis mag blyk te wees, en dus gewillig is om die Opposisie en massa te steun, dan dink ek rus die onrus op die H.N.P.-leiding as hulle halsstarrig volhard dat die O.B. sy gesagstaat moet afsweer.

Vertroue wek vertroue en ek is seker dat as die H.N.P. die O.B. vertrou, hy nie beskaam sal word nie.

„Ons land se toekoms lê in die eerste plek in die hande van die H.N.P. en díe sg. afwykende groepe. Tesame maak hul die Boerevolk uit. Ons houding moet wees: eers eendragtig saamstaan en dan die oplos van beleidskwessies, nie andersom nie."

Ek mag byvoeg dat ek my naam, in teenstelling met „Fanie" onder aan my brief geteken het.

In 'n sub-artikel van 6 Oktober het Die Burger toe verduidelik dat hulle briewe van myne se kaliber ontvang het maar dat hulle nie ou wonde wil oopkrap nie en dit derhalwe nie plaas nie. U sal miskien ook al gemerk het dat Die Burger baie graag ander se wonde oopkrap maar hulle eie letsels so toehou soos dr. Steenkamp self! (En „Fanie" staan blykbaar heelwat nader aan Die Burger-redaksie as u, vandaar sy bevoorregte posisie om maar aan ou wonde te krap! — Red.).

### REDAKTEUR ANTWOORD

Wel, geen honderd jaar later nie het ek persoonlik van Die Burger se Redakteur gehoor. Hy het my eers as korrespondent gepry en toe laat volg:

„Maar soos u wel sal toegee, is Die Burger se plattelandse korrespondente meer as net mense wat nuus bymekaar maak en aanstuur. Hulle is ons verteenwoordigers op die platteland, die skakel tussen ons lesers en ons kantoor. Hulle is Burger-manne, en in dié lig word hulle ook deur die lesers beskou.

Soos u weet, is ons 'n Nasionale koerant, en tussen ons en die Nasionale Party bestaan 'n intieme verhouding wat vanself meebring dat ons korrespondente, soos trouens al die lede van die redaksie, Nasionaliste moet wees. In u geval is aan my meegedeel dat u nie ons politieke beleid onderskryf nie, maar ek het gevoel en gehoop dat as dit wel so is, u medewerking aan ons koerant daartoe sal lei dat die ander band ook tot stand sal kom. Ek het gemeen dat u vrugbare arbeid op die gebied van nuusberiggewing u spoedig daartoe sal bring om u kragte ook as Nasionalis in ons volkstryd te werp.

### „IS DIT REG?"

„U kan dus begryp dat u brief vir my persoonlik 'n groot teleurstelling was. **Tegelykertyd stel dit u en ons voor die vraag of dit reg is dat Die Burger op Calvinia verteenwoordig word deur iemand wat Die Burger se beleid in 'n uiters belangrike saak nie net nie onderskryf nie, maar ook meen dat Die Burger die grootste skuld daaraan het.** U het natuurlik reg tot u standpunt, en ek het agting vir u omdat u so ruiterlik voor die dag daarmee kom, maar is dit reg teenoor ons lesers en die Nasionaliste van Calvinia, is dit behoorlik dat Die Burger so iemand as sy verteenwoordiger in 'n belangrike gebied het? Die antwoord is ontkennend.

Op die grond van ons hartlike medewerking voel ek dat ek die vrymoedigheid het om hierdie saak openharig met u te bespreek.

Met agting,

Die Uwe,

P. A. WEBER,

Redakteur"

### VERSOEK PUBLIKASIE

Soos u goed kan begryp, het ek hierdie brief as 'n bedekte afdanking beskou en in dié trant aan mnr. Weber geskryf. Ek het hom as laaste guns gevra om my oorspronklike brief van 3 Oktober onveranderd in Die Burger te plaas. Ek het o.m. as volg geskryf:

„Solank ek Calvinia se korrespondent was, het ek my vir u blad beywer en wat daar op politieke gebied te meld was, het ek getrou berig. Maar al werk ek vyftig jaar by Die Burger, sal ek nog glo dat u blad die broederstryd aangewakker het en dat u broer en broer kunsmatig verdeel het. Baie goeie Afrikaners glo dit saam met my. Dit grief my dat ek my vertroue in die H.N.P. en in u „blad se politieke beleid verloor het."

Hierop het mnr. Weber as volg geantwoord:

„U bedanking as ons korrespondent op Calvinia neem ons met leedwese aan. Ek besef dat ons vrugbare samewerking na u jongste brief nie anders kon eindig nie.

„Ek wil u bedank vir die werklik skitterende dienste wat u ons as ons korrespondent bewys het. U het as plattelandse korrespondent van Die Burger op Calvinia 'n kerf gestel wat baie min korrespondente in my twintig jaar by Die Burger bereik het.

### WEIERING

„Ons antwoord op u versoek om publikasie van u brief is vervat in ons artikel van 6 deser. Ek dink nie daar is 'n goeie rede waarom ons in u geval 'n uitsondering moet maak nie.

„Wanneer u weer Kaap-toe kom, dan vertrou ek dat u my op kantoor sal opsoek. Ek sal dit hoog op prys stel".

Hiermee was die saak wat my betref, afgehandel. 'n Paar invloedryke persone op Calvinia, waaronder mnr. Piet Luttig, L.V., het Die Burger egter versoek om my weer as korrespondent aan te stel. Mnr. P. A. Weber het egter o.m. as eis gestel dat ek onderneem om in my private hoedanigheid nooit iets teen die H.N.P. te sê of te doen nie. Aan hierdie eis kon ek natuurlik nie voldoen nie, want ek het nie kans gesien om my vrye spraak en handeling prys te gee en dit nogal te wille van 'n korrespondentskap van Die Burger nie.

### GEDOOG GEEN VERSKIL

Ek wil ten slotte beklemtoon dat mnr. Weber in hierdie eksklusiewe houding van hom volhard het ten spyte van die baie tegemoetkomende houding wat Calvinia se parlementêre verteenwoordiger, mnr. Piet Luttig, teenoor my ingeneem het. Kortom, Die Burger gedoog dus geen Afrikaner wat enigsins van Keeromstraat se beleid van skeuring en verdagmaking verskil nie. Vir 'n O.B.-gesinde laat Die Burger net een ding toe: jy mag vir ons stem maar verder basta!

Ek versoek u om hierdie kor-

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

respondensie te publiseer sodat u lesers kan sien dat die H.N.P. se monstuk in Kaapland die O.B. definitief vyandig gesind is. **Dit help tog nie om te gesels van eenheid waar daar vyandskap bestaan nie.** Die Burger wou my oorspronklike brief ter wille van volkseenheid nie plaas nie, maar hulle het nie kans gesien om ter wille van volkseenheid die skrywer van die brief as korrespondent aan te hou nie.

# Calvinia Weer Besiel Met O.B. Ideale

**CALVINIA. — Dat die Ossewabrandwag op Calvinia weer gaan opstaan in sy krag, is Maandagaand (17 November) bewys toe genl. W. R. Laubscher, Voorligtingsoffisier van die O.B. 'n goedbygewoonde vergadering in die ou Kerksaal toegespreek het. Die gehoor, waaronder vriend en vyand, het met aandag na 'n klinkklare uiteensetting van die O.B. se wese en strewe geluister.**

**Genl. J. W. C. Steenkamp het die nuwe verdeling van die Calviniase afdeling verduidelik en almal wat 'n Christelik-nasionale republiek voorstaan, uitgenooi om hulle gewig by die O.B. in te werp.**

**Kommandant Tromp Nel het vir die eerste keer sy Kommando toegespreek en almal wat deur ses jaar van verguising en verdagmaking aan die O.B. getrou gebly het, gesalueer.**

Hoofkommandant Francois van der Merwe het voorgesit.

Genl. Laubscher het verklaar dat die O.B. die volkskapsidee pertinent onder die Afrikanerdom se aandag gebring het. Daarby vertolk dit die beginselkoers van 'n nasie deur dik en dun getrou te bly aan die republikeinse ideaal. Die Ossewabrandwag wil 'n verenigde Afrikanerdom saamsnoer en 'n sterk volksregering uitstoot.

### AFRIKAANS

Spr. het die feit betreur dat as gevolg van die tragiese skeuring in die Afrikanergeledere die O.B. se ledetal van 300,000 na 80,000 verminder is. **Dat die O.B. egter wel deeglik Afrikaans en nasionaal georiënteerd is, is in 1941 deur dr. Hans van Rensburg bewys toe hy ten spyte van die Duitse sege in Europa, gesê het dat die O.B. nie kyk na die rooi lussie op 'n Suid-Afrikaanse soldaat se skouer nie maar na die Afrikanerbloed wat in sy are vloei.**

Genl. Laubscher het die O.B. vergelyk met 'n dam op Afrikanerbodem wat elke akker van die volkslewe benat en bevrug. Daarom het die O.B. in 1943 en nou weer sy hulp aan die nasionale parlementêre front aangebied. Daarom het die O.B. in die oorlogsjare die republikeinse vaandel hoog gehou en sy offers agter doringdraad-versperrings gebring. Daarom sal die O.B. ook rotsvas by Hans van Rensburg in die uur van nood staan.

### GEVARE

Spr. het voorts op die kleurbedreiging en die Kommunistiese gevaar gewys en dit betreur dat die val van die Britse Ryk moet saamval met die opkoms van Sowjet-Rusland. **Spr. het die Atlantiese Handves as die Asiaat se sterkste wapen teen blanke heerskappy genoem.**

Spr. het die O.B. se gesagstaat-idee verduidelik en verklaar dat dit geskoei is op die lees van die Transvaalse en Vrystaatse republieke, en voorts die voordele verbonde aan beroepsverteenwoordiging en 'n partylose staat beklemtoon.

### VRAE

Twee voorbokke van die plaaslike H.N.P. het met vraetyd op die been gekom. Genl. Laubscher se vriendelikheid, tegemoetkomendheid en glasheldere logika het hierdie aspirant-politici egter op die verkeerde voet gevang.

Mnr. F. J. van der Merwe, Tierhoek, sekretaris en organiseerder van die plaaslike H.N.P.-tak, moes erken dat dr. Malan die republiek in die komende verkiesing, soos 'n geslagte hoender in 'n koelkas gaan bewaar. Mnr. Attie Louw, onder-voorsitter van die H.N.P.-tak, het die hoop uitgespreek dat plaaslike O.B.'s na hulle hoofleiding sal luister en vir die H.N.P. sal stem, anders as wat hulle in 1943 gedoen het. Hierop het mnr. G. F. Marais, 'n nie-stemmer van 1943, hom herinner aan die destydse Keeromstraat-kreet dat die O.B. met veldm. Smuts skakel en verwys na 'n tussenwerpsel van mnr. Louw tydens genl. Laubscher se toespraak wat daarop sinspeel dat hy die wolhaarstorie nog altyd glo. Hierop was mnr. Louw se reaksie egter die vermoorde onskuld self.

Vervolgens het mnr. C. K. Esterhuyse wat homself 'n „Empire-man" genoem het, gevra of hy ook stemreg in die O.B.-gesagstaat sal hê. Genl. Laubscher se antwoord was bevestigend. Vervolgens het genl. Laubscher aan dieselfde vraestellers die O.B. se kleurbeleid met grootskaalse segregasie as grondslag, verduidelik.

### GUNSTIGE INDRUK

Afgesien van die optrede van 'n paar Nasionaliste wat oënskynlik daarin behae skep om denkbeeldige verskille tussen die O.B. en H.N.P. te onderstreep, is die vergadering deur 'n besondere goeie gees gekenmerk. Veral die feit dat genl. Laubscher allermins gepoog het om die vraestellers belaglik voor te stel, het 'n baie gunstige indruk geskep.

Genl. Laubscher het sy vergaderingsreeks in die Calviniase generaalskap voortgesit deur vergaderings toe te spreek op Nieuwoudtville, Middelpos, Sutherland en Klipwerf. Hy was vergesel van genl. Steenkamp, hoofkommandant F. van der Merwe en kommandant Tromp Nel. — (Korr.)

# Kleurbeleid van die S.A. Party

Die Suid-Afrikaanse Party (voorheen Dominiumparty) het die afgelope week 'n aanduiding van hul kleurbeleid uitgereik. Die party verklaar dat indien aan die eise van die nie-blankes om gelykstelling gehoor gegee word, die blankes in die land hulle in 'n see van kleure sal bevind en dat dit selfmoord sal wees as daaraan uitvoering gegee word.

Die Indiërkwessie is 'n huishoudelike aangeleentheid en die Unie sal dit self oplos, aldus die verklaring.

# Immigrante Kry Huise Onderwyl Oudsoldate In Tente En Stalle Woon

**Hoe akuut die woningnood werklik is blyk uit die feit dat persone wat in Desember 1945 aansoek by die kontroleur gedoen het om 'n huis of woonstel, eers verlede week daarin geslaag het om 'n vierkamer-woonstel in een van die Kaapstadse voorstede te bekom. Die huisgesin van vyf het al die tyd in twee kamers gewoon. Die vader is 'n oudsoldaat. Twintig persone het vir hierdie betrokke woonstel aansoek gedoen. Die persoon wie se aansoek tweede was, het reeds in Februarie 1946 aansoek gedoen om 'n huis; ok hy is 'n oudsoldaat.**

## Huisvesting Volop Vir Immigrante

**Die helfte van die 1000 immigrante wat op 15 Oktober in Suid-Afrika aangekom het het binne drie weke vir hulle huisgesinne huisvesting gekry, volgens 'n verklaring van die Minister van Binnelandse Sake, mnr. C. F. Clarkson.**

**Hy het daaraan toegevoeg dat immigrante blykbaar gou huisvesting kry. Daar sal met die immigrasie voortgegaan word totdat 'n versadigingspunt bereik is. Die regering wil die blanke bevolking verdubbel, het hy gesê.**

**Altesaam het 125 persone aansoek gedoen vir die ses huise en vier woonstelle wat vakant was. Slegs tien kon gehelp word.**

Die meeste van die aansoeke wat verlede week deur die kontroleur in Kaapstad behandel is, dateer vanaf die begin van 1946.

Onder die aansoeke wat behandel is, is daar 'n geval waar altesaam agt mense in een van die vier vertrekke van 'n huis wat aan 20 mense herberg verleen, gewoon het. Hierdie gesin is gelukkig aan 'n huis gehelp. In ander gevalle waar mense nie die hoë huur kon betaal nie, moes hulle maar weer omdraai.

### BY KLEURLINGE

**'n Ander gelukkige gesin wat gehelp kon word, is 'n huisgesin wat 'n kamer by kleurlinge bewoon. Die kinders het reeds kennis gekry dat hulle die skool waar hulle is, moet verlaat omdat hulle by kleurlinge inwoon.**

Een van die gevalle wat onder die aandag van die kontroleur gekom het, is dié van 'n man en vrou met twee kinders wat 'n tyd lank in 'n tent gewoon het. **Later het hulle ingetrek by 'n gesin van vier wat 'n enkele kamer bewoon.**

### SEDERT 1946

Een geval het onder die aandag gekom van 'n gesin wat in 'n stal die afgelope tyd gewoon het.

In Kaapstad wag byna 9,000 gesinne op huisvesting, terwyl die waglys in Johannesburg oor die 12,000 tel. **Meeste van die mense wie se aansoeke verlede week behandel is, wag sedert die begin van 1946, d.w.s. byna twee jaar. In sulke omstandighede spog min. Clarkson daarmee dat immigrante binne drie weke aan huisvesting gehelp word, en praat hy van 'n versadigingspunt wat nog eendag bereik sal word en van verdubbeling van die bevolking.**

**Blykbaar is die versadigingspunt wat die regering voor oë het die stadium wanneer al die ou inwoners sonder huisvesting sal sit en die immigrante immigrante begin uitboer uit hul wonings.**

## INDIË VERLOOR TEEN S.A.

**Indië en sy ondersteuners kon nie die twee-derde meerderheid in die Algemene Vergadering van die V.V.O. kry om sy voorstel dat Suid-Afrika 'n tafelronde met Indië moet hou om die interne sake van die Unie te bespreek, te laat deurgaan nie, sodat die voorstel, wat met 31 stemme teenoor 19 aangeneem is, verval.**

Die Russiese afgevaardigde, wat waargeneem het as voorsitter, het Indië probeer oorreed om dadelik 'n nuwe voorstel in te dien. Dit het die Indiese afvaardiging dan ook aanvanklik gedoen, maar dit later weer teruggetrek.

Suid-Afrika het vanjaar die steun van die Suid-Amerikaanse lande gehad in teenstelling met verlede jaar toe hy feitlik alleen moes staan.

Die geweld en moord in Indië het veel daartoe bygedra dat die Amerikaanse wêreld nie meer soveel waarde heg aan die bohaai van Indië nie.

# BRITSE SKEPE WIL NIE ONS STEENKOOL KARWEI

**Engeland verplig Ierland tans om die laagste graad Britse steenkool te koop omdat hy weier om Britse skepe beskikbaar te stel om Suid-Afrikaanse steenkool na Ierland te verskeep.**

Ierland is tans besig om met Amerika te onderhandel om skepe in die hande te kry. Opdrag is ook aan Suid-Afrikaanse agente gegee om Suid-Afrikaanse skepe te probeer kry om die steenkool te vervoer omdat Ierland in die nood verkeer en 'n groot tekort aan steenkool ondervind.

Groot hoeveelhede Suid-Afrikaanse steenkool (15,000 ton) lê tans en wag in Lourenco Marques om verskeep te word.

**Suid-Afrika is dus in 'n posisie dat sy buitelandse handel afhanklik is van Britse skepe. Weier Brittanje om Britse skepe te gee, dan sit Suid-Afrika se turf.**

## 'N VRAG ELKE 30 MINUTE

Duitse krygsgevangenes wat uit Rusland teruggekeer het, vertel dat terwyl hulle in Rusland was, daar een tyd dag en nag elke 30 minute goederetreine met Duitse masjinerie, ens. uit Duitsland na Rusland geloop het. Dit was nie 'n kwessie van dae of weke nie, maar maande aaneen. Nadat hulle in Duitsland teruggekeer het, het hulle besef watter verwoesting die Russe in hul besettingsgebied aangerig het . . . daar het haas niks van belang oorgebly wat die Russe nie weggevoer het nie.

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# S.A. Word Deur Britse Belange Uitgebuit Meen Engelssprekend

**Skerp kritiek op die verklaring van die besturende direkteur van 'n Britse skeepsbaas dat Suid-Afrika nie sy eie handelsvloot moet aanskaf nie sodat hy Engeland kan help, is afkomstig van sir Arthur Harris, besturende direkteur van 'n Suid-Afrikaanse redery.**

In sy brief wat in die Cape Argus verskyn het, verklaar sir Harris dat hy hom nie wil uitlaat oor die gepastheid van 'n mening oor Suid-Afrika nadat 'n mens skaars voet aan wal gesit het nie.

Hy verklaar voorts: **„Suid-Afrika kan en sal nie 'n onbepaalde tydperk voortgaan met 'n toestand waarin hy feitlik elke pennie wat hy vir goedere en skeepsvrag betaal, uit die land laat gaan vir onkoste elders nie."**

**„Geen enkele faktor het meer bygedra tot die vertraging en agteruitgang van ons ekonomiese ontwikkeling nie, as hierdie gedurige en ontsaglike geldelike uitputting ten gevolge waarvan Suid-Afrika reeds uitgemergel word".**

Met verwysing na die uitvoer van vrugte en koop daarvan deur Brittanje, verklaar sir Arthur dat Suid-Afrika nie gaan lewe van die smous van vrugte nie. „Hy betaal egter baie meer om sy eie vrugte te eet — en minder daarvan — ten einde die uitvoer daarvan teen die laags moontlike prys aan Brittanje moontlik te maak".

## Hiervoor Het S.A. Geveg!



**Die man en vrou op hierdie foto is 'n sprekende bewys van hoe tevergeefs die ses-jarige oorlog met al sy verwoesting was, waarvoor ook Suid-Afrika swaar moes bydra. Hy is die sekretaris van die Kleinboereparty in Pole, Korbonski, wat saam met sy eggenote uit hul vaderland vir sy lewe moes vlug twee jaar nadat sy land deur Brittanje ingevolge laasgenoemde se belofte van 1939 „bevry" is. Sy leier, Mikolajczyk, het reeds voor hom in Londen aangekom nadat ook hy ternouernood ontvlug het. Net Haile Selassie, wat deur Suid-Afrikaanse bloedoffers op sy slawetroon herstel is, pluk nog soete vrugte van die oorlog — hoewel die Russe ook reeds baie bedrywig in sy koninkryk is.**

## Opsaal-Kersnommer

Die Kersnommer van „Opsaal," Kaaplandse Boerejeug-blad, sal op die volgende datums en dorpe, in die aand, op straat te koop wees:

19 Desember: Franschhoek en Paarl.
20 Desember: Kaapstad en Stellenbosch.
22 Desember: Goodwood en Parow.
23 Desember: Bloubergstrand en Melkbosch.
24 Desember: Wynberg en Plumstead.
24 Desember: Somerset Strand en ander.

**Hierdie spesiale uitgawe sal 'n pragtige buiteblad, 'n rekord aantal foto's, Kersverhale, nuus en baie interessante leesstof bevat.**

Vriende wat die spesiale uitgawe deur die pos wil ontvang, kan hul naam en adres tesame met 3d. intekengeld stuur aan: „Opsaal," Posbus 224, Stellenbosch.

## Dingaansfees op Belfast

Die program vir Dingaansfees, 16 Desember, op Belfast is vanjaar as volg:

Maandagaand: Vleisbraai en Volksang.
Dinsdag: Toesprake deur ds. G. S. van Heerden, mnr. A. P. van der Merwe en ds. P. Z. Coetzee.

## RUSLAND DREIG PERSIË

Rusland het 'n dreigement aan Persië gestuur waarin verklaar word dat die stap van die Persiese regering, wat onlangs die olie-ooreenkoms met Rusland opgesê het, 'n vyandige daad is en dat Persië die verantwoordelikheid sal moet aanvaar.

(Die Persiese parlement het onlangs besluit om geen buitelandse belange in sy olie-ontginning toe te laat nie.)

## Soektog In O.V.S Na Getuienis

**Die politieke speurders van die regering het die afgelope paar dae hul veldtog om getuienis teen die O.B.-leier in te win, onverpoosd voortgesit.**

**Die Volksblad berig dat adv. L. C. Barret die afgelope week in die Vrystaatse hoofstad en omstreke gesnuffel het om getuienis in te win. In die omgewing van Bloemfontein het hulle kol. J. C. Laas, wat aanvanklik 'n leidende rol in die O.B. gespeel het, ondervra. Volgens die blad is geen waardevolle inligting daar ingewin nie.**

**Na verwagting sal die regering sodra die Minister van Justisie, mnr. Harry Lawrence, van Amerika af terugkom, voor die dag kom met sy politieke bom".**

## TOEGEWINGS AAN S.A.

Die toegewings wat Suid-Afrika op die internasionale handelskonferensie te Genève ontvang het, sal hoofsaaklik die mynbedryf en landbou ten goede kom. Dit tref die skoennywerheid egter baie swaar.

**Die mynbedryf sal voordeel trek uit verlaging van Britse voorkeur op ingevoerde masjinerie van vyf persent tot drie persent.** Ook die sekundêre nywerhede sal baat by die opheffing van die Britse voorkeur op grondstowwe.

Die invoer op Britse ligte motors na S.A. sal ongeveer driemaal hoër wees kragtens die ooreenkoms.